# H O O F S T U K III.

## DIE TYDPERK 1910 - 1918 PROVINSIALE BESTUUR I.

### 1. INLEIDING.

Gedurende die jare 1910 tot 1918 het daar in die Transvaal op byna elke terrein van die samelewing groot gebeurtenisse plaasgevind. Op staatkundige gebied het die Transvaal, deur sy toetrede tot die Unie van Suid-Afrika, 'n nuwe tydperk ingetree t.o.v. regering en administrasie, en dit het 'n hele ommekeer met sig meegebring wat betref die verhouding van die twee tale, Hollands en Engels. Op internasionale gebied was daar die eerste wêreldoorlog wat ook in die Transvaal sy reperkussies gehad het, en wat die gewapende opstand alhier laat plaasvind het. Op maatskaplike gebied was daar die griep-epidemie wat teen die einde van die tydperk sy verskyning gemaak het, en soveel verwoesting gesaai het.

Al hierdie gebeurtenisse het die onderwys en opvoeding, hoewel nie ontwrig nie, tog ten seerste beïnvloed. Maar benewens hierdie faktore was daar ook ander van meer direk opvoedkundige aard, soos die invoering van Afrikaans as medium en as taal in skole in die plek van Hollands, die vereenvoudiging van laerskoolleerplanne en aanpassing van die leerstof by die kind en sy omgewing, skommelings in die oorplasing van leerlinge van die laer na die middelbare skool, verhoging van die peil van onderwys en van verpligte skoolbesoek, invoering van vry middelbare onderwys, die instelling van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad met die daarmee gepaard gaande veranderings in die matrikulasie-eksamen.

Die middelbare skoolkursus het alhoemeer van die invloed van die matrikulasie-eksamen weggebreek, en 'n hele aantal nuwe hoërskole is geopen.

Hoër eise is gestel vir die opleiding van onderwysers, en die kursusse is verleng. Oor die algemeen het die aantal studente nie toegeneem nie, en geen groot verbetering in die kwalifikasies van die onderwysers van die provinsie kan vermeld word nie.

Langsamerhand het daar verandering gekom in die beskouings van inspekteurs en andere t.o.v. die eintlike werk van die inspekteur en die wese van inspeksie. I.v.m. eksamens, sowel in die laer- as in die hoërskool, kan nog geen noemenswaardige vordering waargeneem word nie, hoewel ook hier reeds die kieme van verandering aanwesig was.

Volgens die Unie-grondwet het alle laer en middelbare onderwys onder provinsiale jurisdiksie gesorteer, terwyl hoër, d.w.s. na-matrikulasie, onderwys direk onder die Uniedepartement van onderwys geval het. 'n Uitsondering hierop was dat die opleiding van onderwysers, tweede en derde klas, onder beheer van die provinsies gelaat is, terwyl die van die eerste klas onder Unie-beheer gekom het. Dit was 'n voorlopige maatreël,[1] maar daar het tog geen verandering in gekom nie, sodat die opleiding van onderwysers tans nog onder die provinsiale bestuur val, uitgesonderd die U.O.D. (min of meer gelyk aan die O.1), wat onder die Unie-onderwysdepartement se beheer val en opleiding waarvoor geheel aan die universiteite of universiteitskolleges geskied.

## 2. LAERSKOLE.

(a) Die Taalvraagstuk. Die taalvraagstuk het deurgaans 'n groot deel van die inspeksieverslae in beslag geneem en 'n groot deel van die inspekteurs se werk het daarin bestaan om toe te sien dat die bepalings van die wet t.o.v. die tale uitgevoer is. Dit is derhalwe nodig om in besonderhede op die ingrypende veranderings in hierdie opsig in te gaan, en om op die vordering t.o.v. die toepassing van hierdie veranderings te let. Deur die Unie-grondwet, artikel 137, is bepaal:

> ,,De Engelse alsmede de Hollandse talen zyn officiële talen van de Unie. Zy worden op een voet van gelykheid behandeld en bezitten en genieten gelyke vryheid, rechten en voorrechten."

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 3.

Op grond van hierdie artikel moes die Transvaalse onderwyswet no. 25 van 1907 verander word. Dit is gedaan deur die Rissik-ordonnansie van 1911. Engels en Hollands het in die skole gelyke regte geniet sedert 1912, maar reeds spoedig is daar geagiteer om Afrikaans in die plek van Hollands te stel as medium, en in 1918 was dit reeds gedeeltelik 'n voldonge feit. Die taalvraagstuk kan dus paslik onder twee onderhoofde behandel word, (i) die Rissik-ordonnansie en die gelykheid van Hollands en Engels, en (ii) die invoering van Afrikaans.

(i) Die Rissik-ordonnansie[1)] het op 1 Januarie 1912 in werking getree. Dit is so genoem na die administrateur, Johann Rissik, deur wie dit ingedien is.

Die vernaamste verandering t.o.v. voertaal was[2)] dat:

> ,,(1) De moedertaal, tans genoemd de huistaal, blyft het verplicht medium voor het aanvangsonderwys.
>
> (2) Een tweede medium, Hollands voor Engelse kinderen en Engels voor Hollandssprekende kinderen, kan worden ingevoerd indien de ouder het wenst. Er bestaat omtrent het tweede medium geen dwang meer; de zaak wordt overgelaten aan de weloverwogen keus van de ouder. In plaats van het einde van de derde standaard wordt het einde van de vierde standaard het punt van overgang, indien er een tweede medium moet gebruikt worden",

d.w.s. as die ouer dit gewens het. Maar daar was geen verpligting toe nie. Onderrig in die huistaal was verpligtend, en ook in die tweede taal tensy die ouers anders gewens het. Bokant st. IV kon die ouer die medium kies waardeur sy kind onderrig moes word.

Die verskille tussen hierdie ordonnansie se bepalings en die van die Smutswet is inderdaad groot. Volgens laasgenoemde moes alle kinders albei tale leer, en Hollandssprekendes was verplig om na st. III byna al hulle vakke deur medium van Engels te leer. Volgens die Rissik-ordonnansie kon 'n kind dwarsdeur die laer- sowel as die hoërskool gaan sonder om 'n woord van die tweede taal te leer, indien die ouer sulks verkies het.

---

1) Ord. 5 van 1911, in Prov. Kt. no. 64 van 24/7/11, bls. 73. Adm. Kennisg. no. 154.
2) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 11.

Een punt wat tot misbruik aanleiding kon gee en wat in 1934 verander is,[1] was dat die ouer kon besluit wat sy huistaal was. Dit het daartoe aanleiding gegee dat talle ouers om verskillende redes hulle huistaal verkeerd opgegee het, en so hulle kinders 'n groot onreg aangedoen het.

Ter toepassing van die ordonnansie het die departement aan die ouers van skoolgaande kinders 'n omsendbrief[2] gerig waarin hulle gevra is om 'n keuse te doen t.o.v. die voertaal van hulle kinders. Skole moes toe volgens die antwoorde ingerig word.

Die uitslag was[3] dat daar vir standerds tot en met IV

41 skole met uitsluitend Engelsmedium,
159 skole met uitsluitend Hollandsmedium,
437 skole met beide media was.

Bokant st. IV was die ooreenkomstige getalle 61, 48 en 327.

Die aantal skole weerspieël nie die aantal leerlinge nie, omdat baie buiteskole weinig en baie dorpskole 'n groot aantal leerlinge gehad het. In die loop van jare het daar groot veranderings t.o.v. die persentasie leerlinge wat deur die een of ander medium of deur albei onderrig ontvang het, plaasgevind. Die volgende tabel[4] toon dit aan:

Tabel IV. Persentasie Leerlinge met Verskillende Media gedurende Jare 1911 - 1934.

| Jare | Persentasie Skoliere met | | |
|---|---|---|---|
| | Medium Engels | Hollands (Afrikaans) | Engels en Holl. (Afr.) |
| | Persent | Persent | Persent |
| 1911 | ± 75 | ± 21 | ± 4 |
| 1915 | 45 | 33 | 22 |
| 1920 | 41 | 41 | 18 |
| 1925 | 41 | 51 | 8 |
| 1930 | 39 | 55 | 6 |
| 1934 | 37 | 58 | 5 |

1) Prov. Kt. no. 1311 van 22 Augustus 1934, bl. 146. Adm. kennisg. no. 66.
2) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 13.
3) Ibid., bl. 14 en 15.
4) Ontleen aan Bot, A.K.: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, bl. 101.

Die vernaamste verandering het gekom t.o.v. die skole waar Hollands die medium geword het, waar daar tevore geheel-en-al nie sulke skole bestaan het nie. Ook die skole met albei media

> ,,het belangrik verskil van die vroeëre dubbel-medium-skole, omdat die meeste oorwegend Hòllands geword het, waar dit voorheen oorwegend Engels was. Omtrent die helfte van die skoolbevolking het regte verkry wat hulle tevore nie in daardie mate gehad het nie."[1]

Die toename van die aantal enkelmediumskole na 1916 blyk 'n vervulling te gewees het van die profetiese uitspraak van inspekteur Klooster in 1912:[2]

> "'Over de twee talen blyven we aan 't praten en vaak aan 't klagen. En over gelykwaardigheid en gelykrechtigheid is nog vooreerst niet het laatste woord gesproken. De Rissik-ordonnantie heeft ons weer 'n stap verder gebracht in de goede richting. Myn overtuiging is dat we langsaam genaderd zyn tot de oplossing van de taalkwestie. En die oplossing ligt in de school met enkel medium, waar flink tyd aan de tweede taal wordt besteed." (Ek onderstreep)

Volgens Visscher, inspekteur vir Hollands te Johannesburg, het Hollands toegeneem in populariteit in die andertalige skole:[3]

> ,,Met voldoening mag worden vermeld dat het Hollands als leervak al meer en meer zyn natuurlike plaats in onze scholen begint in te nemen. Ik geloof te mogen zeggen dat de tyd voorby is, waarin men het aanleren van de andere officiële landtaal beschouwde als iets gedwongens, dat tegen wil en dank in de school moest worden onderwezen en geleerd."

Dit wil egter nog nie sê dat die peil bevredigend was nie want vier jaar later het J. Lub nog op die Rand gevind[4] dat Hollands oor die algemeen ver van bevredigend was in Engelse skole, soos o.a. geblyk het uit die laerskoolsertifikaateksamen. Lees was taamlik goed, volgens hom, en spelling taamlik, maar die mondelinge en skriftelike stelwerk was in baie gevalle selfs benede kritiek.

---

1) Bot, A.K.: t.a.p., bl. 101.
2) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 221.
3) Ibid., bl. 247.
4) Ibid., 1916, bl. 126.

In 1913 het die direkteur, op grond van die bevindings van sommige inspekteurs, veral Stoffberg en Botha, gekonstateer[1] dat die mediumkwessie, op enkele alleenstaande gevalle na, opgelos was. Wel was die peil van die taalkennis nog veel laer as wat wenslik was,[2] veral in die dorpskole. Op die platteland het die peil van Engels volgens Botha, Corbett en Hofmeyer gestyg, dog volgens Kerrich, Ligertwood en van der Lingen was dit nog swak.[3] Hollands was op die platteland beter as Engels, dog ook nog nie wat verlang was nie. Klooster en Visscher het albei vooruitgang in die dorpskole gemeld, terwyl Kerrich met weinig lof van die skole op die Wes-Rand gepraat het.[4] Hofmeyr het gevind[5] dat taalonderrig op 'n vaster en hegter grondslag geplaas was as ooit tevore, daar spraakkuns vervang is deur spreekoefeninge, reëls deur praktyk, taal en redekundige ontleding deur sistematiese oefeninge in suiwer spreek en suiwer skryf.

In 1915, d.w.s. nadat die Rissik-ordonnansie vier jaar in werking was, het meer as 400 uit die 696 skole[6] óf uitsluitend óf hoofsaaklik van Hollands as medium gebruik gemaak, 194 van albei media min of meer in gelyke mate, en 83 alleen van Engels. Die inspekteurs se bevinding was[7] dat die ordonnansie toe goed gewerk het, met weinig of geen wrywing.

Gedurende die jare 1911 tot 1915 het Hollands dus sy regmatige plek in die Transvaalse skole verower, 'n plek wat deur die eintlike huistaal van die oorgrote meerderheid, Afrikaans, nog nie verower kon word nie, omdat dit as skryftaal nog weinig of niks presteer het nie en nog geen vaste grondslag gehad het nie. Omdat die een fase van die taalstryd nou gewonne was, was die tyd ryp vir die aanknoping van die volgende

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1913, bl. 30.Ook inspeksieverslag bl.79.
2) Ibid., bl. 31. Inspeksieverslae, bl. 78 - 159.
3) Ibid., Inspeksieverslae, bl. 78 - 159.
4) Ibid., bl. 32.
5) Ibid., bl. 104.
6) Ibid., 1915, bl. 36.
7) Ibid., bl. 38.

fase, nl. die invoering van Afrikaans in die skole.

(ii) Die invoering van Afrikaans as voertaal in die skole is reeds in 1912 op die 15de Algemene Vergadering van die V.V.O.O.Z.A. deur die vise-voorsitter in sy openingsrede bepleit.[1] Hy (P.M. v.d. Lingen) het o.a. gesê:

> ,,In de allerlaagste standaarden meen ik dat het Afrikaans medium moet zyn, omdat deze de taal is die de overgrote meerderheid te huis gebruikt. Om het kind te kunnen bereiken, moet men de taal gebruiken die het kind het gemakkelikst verstaat - men moet van het bekende tot het onbekende voortgaan".

Op dieselfde kongres het ook 'n voorstel[2] van die Lichtenburg-tak gedien dat die Afrikaanse taal so hersien en verbeter moes word dat dit Hollands op skool kon vervang. Daar is besluit[3] ,,dat de tyd gekomen is om Afrikaans in onze scholen als medium van onderwys in de aanvangsklassen toe te laten." Hierop het die direkteur geantwoord[4] dat, aangesien die Rissik-ordonnansie die huistaal as voertaal voorgeskryf het, die besluit onnodig was (m.a.w. Afrikaans kon as voertaal gebruik word.).

Gedurende 1914 is uitvoering hieraan gegee toe die Provinsiale Rade van die Transvaal, O.V.S. en die Kaapprovinsie besluit het[5] om Afrikaans as voertaal toe te laat i.p.v. Hollands om sodoende te voldoen aan die ,,huistaal"-vereiste van die wet.

Dat die invoering van Afrikaans selfs as voertaal voorlopig heelwat moeilikhede sou veroorsaak, was te voorsien, aangesien daar die grootste onstabiliteit geheers het en die taal so dikwels verbrou is deur invoeging van Hollandse en veral Engelse woorde. Daar het groot verdeeldheid bestaan oor die verdienstelikheid van Afrikaans as taal, ook onder die inspekteurs soos blyk uit hulle rapporte. In 1915 het Corbett geskryf:[6]

---

1) Het Kristelik Schoolblad, 1 Mei 1912, bl. 4.
2) Ibid., bl. 15.
3) Ibid., 1 Augustus 1912, bl. 1, punt 4.
4) Ibid., bl. 2.
5) Ibid., 1 Augustus 1914, bl. 11.
6) Jaarverslag T.O.D., 1915, bl. 120.

> ,,Ik weet dat vele hollandse inspekteurs om my onbegrypelyke redenen de voorkeur aan het Afrikaans geven, doch myn afrikaanse kollega's zyn verdeeld".

J. Lub (Hollands, die Rand) het geskryf:[1]

> ,,Men wil Afrikaans, doch men wil niet inzien dat zulks onmogelik is zonder eerst goed Hollands te leren."

en weer:[2]

> ,,'t Beginsel om voor jonge Afrikaanse kinderen Afrikaans Hollands te spreken, moge goed zyn, doch zal 't kind wat leren, dan is het nodig dat de onderwyzeres goed Hollands kent."

Hiervoor was heelwat te sê, aangesien woorde soos slate, pencil, holiday, en baie ander in sommige Afrikaanse kringe gebesig is by gebrek aan 'n gesistematiseerde taal.

Tog kon die beweging nie gekeer word nie. In 1916 het Lub gerapporteer[3] dat die Hollandsmediumskole in werklikheid reeds almal Afrikaansmediumskole was, hoewel Hollands nog as vak onderrig is. Hy het toe selfs aanbeveel dat Afrikaans as medium gebruik moes word. Moerdyk het gemeld[4] dat dit die eenparige gevoelens van sy onderwysers was (a) dat die invoering van Afrikaans as voertaal hulle taak aansienlik vergemaklik het, daar hulle hul nou kon uitspreek in die taal waarin hulle gedink het en wat hulle tuis gebesig het; (b) dat hulle onderwys baie meer doeltreffend was, daar die voertaal nou die taal was wat die kinders uitsluitlik tuis gehoor het. Ook Botha, Kerrich en Visscher het soortgelyke uitsprake gegee.[5] Teen 1918 kon byna alle inspekteurs konstateer dat Afrikaans in verreweg die meeste skole die voertaal was, en uit die direkteur se verslag[6] blyk dit dat Afrikaans veel meer as voertaal gebruik is as Hollands, veral in die buiteskole. Die volgende tabel uit die jaarverslag teken die toestand die duidelikste:

1) Jaarverslag T.O.D., 1915, bl. 135.
2) Ibid., bl. 146.
3) Ibid., 1916, bl. 134.
4) Ibid., bl. 141.
5) Ibid., bl. 113, 124, 148.
6) Ibid., 1918, bl. 65.

Tabel V. Medium van Onderrig in die Transvaalse Skole aan die einde van 1918.

| | Engels | Afrik. | Hollands | Engels Gedeeltelik en Afrik. Gedeeltelik | Engels Gedeeltelik en Hollands Gedeeltelik |
|---|---|---|---|---|---|
| Dorpskole | 32,825 | 6,360 | 5,203 | 5,367 | 3,442 |
| Buiteskole | 1,075 | 15,223 | 6,691 | 6,658 | 6,435 |
| Hoërskole en Laer Afdelings | 5,490 | 71 | 337 | 69 | 703 |
| Kleurlinge | 3,118 | - | - | 331 | 70 |
| Totaal aantal Leerlinge | 42,508 | 21,654 | 12,231 | 12,425 | 10,650 |

Byna 77% van die leerlinge was dus in suiwer enkelmediumskole.

As leervak is Afrikaans nog nie ingevoer nie, behalwe later in die laagste standerds. In 1916 het die Afrikaanse Taalgenootskap 'n brief[1] onderteken deur W.M.R. Malherbe en T.H. le Roux, aan die administrateur gerig waarin hy versoek is om Afrikaans ook as taal in te voer in skole waar skoolkommissies nie juis Hollands verkies het nie, beginnende in 1917 met st. I en vir elke volgende standerd een jaar later totdat dit in 1922 ook vir st. VI ingevoer sou word. Die Uitvoerende Komitee het in dier voege besluit en, hoewel niks daarvan in die direkteur se verslag voorkom nie, het Corbett gemeld[2] dat vanaf 1918 alle leerlinge in die substanderds en in st. I Afrikaans as vak sou leer en geen Hollands meer nie. Bokant st. I sou Afrikaans die voertaal wees maar Hollands sou nog as vak geleer word. Hyself was daar egter nie mee gediend nie:[3]

> ,,Tenzy men gedurende dit overgangstydperk steeds op zyn hoede is, zal een gemeen patois, een kievietje taal, op vele scholen van minder gehalte gebruikt worden. Men gevoelt dat het aannemen van het Afrikaanse medium voorbarig is. De leerboeken hadden eerst in de taal moeten worden overgezet."

---

1) Het Kristelik Schoolblad, 1 Augustus 1916, bl. 5 - 6.
2) Jaarverslag T.O.D., 1917, bl. 127.
3) Ibid., bl. 128.

Oor die gebrek aan leerboeke het ook ander inspekteurs gekla, bv. Kerrich[1] wat gerapporteer het dat daar maar weinig vordering met die invoering van Afrikaans as skryftaal en as leervak gemaak is, vernaamlik omdat die nodige boeke nie verkrygbaar was nie. In hierdie behoefte sou later voorsien word. Hoofsaak hier is dat Afrikaans vir goed inslag en skering gekry het.

(b) Leerplanne. Op 9 en 10 Desember 1910 het daar 'n vergadering van afgevaardigdes van die V.V.O.O.Z.A. en die T.T.A. plaasgevind[2] waarop daar op vereenvoudiging van die leerplan aangedring is omdat dit te oorlaai was. Die departement het daarop 'n kommissie, bestaande uit verteenwoordigers van die twee verenigings, versoek[3] om aanbevelings te doen met die oog hierop. Hierdie aanbevelings is deur die inspekteurs op 'n vergadering oorweeg, en die meeste daarvan is deur die inspekteurs goedgekeur en deur die Uitvoerende Komitee aanvaar, wat daartoe oorgegaan het om die nuwe leerplan te publiseer.[4]

Die veranderings was meestal bedoel om die leerplan te vereenvoudig en te verminder. Dit is gevoel dat die leerplan te oorlaai was en dat die stof gevolglik te halsoorkop aangebied moes word. Dit het gelei tot oorhaastige assimilasie wat later ondoeltreffend geblyk het as die leerstof gebruik of gereproduseer moes word. Die eksamenuitslae van st. VI en VII het dit ook bewys.[5]

In verband met die tale het die direkteur gesê dat daar in die verlede te veel woord- en sinsontleding was, wat nie in verband met die lewende taal gestaan het nie.

Die geskiedenisleerplan het vroeër 'n keuse gelaat. Met die oog op eksamenvereistes het die onderwysers ewewel gevoel dat hulle 'n vaste minimum-leerplan wou hê. Dit is toe so

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1917, bl. 143.
2) Het Kristelik Schoolblad, 1 Januarie 1911, bl. 3.
3) Jaarverslag T.O.D., 1911, bl. 26.
4) Prov. Kt. no. 47 van 21/4/11, bl. 60. Adm. kennisg. no. 74.
5) Jaarverslag T.O.D., 1911, bl. 27.

gewysig. Die leerplan is verminder, maar die eerste opset van die sillabus is behou, nl. dat Suid-Afrikaanse en Europese geskiedenis, met soveel algemene geskiedenis as nodig was om die eersgenoemde twee verstaanbaar te maak, en die geskiedenis van die ontwikkeling van die Britse ryk, geleer moes word.[1] Dwarsdeur die leergang het Suid-Afrikaanse en wêreldgeskiedenis hand in hand gegaan. Tot en met st. III moes die behandeling vernaamlik biografies en in die vorm van verhale wees. In st. IV en V moes dit meer stelselmatig wees, in die vorm van 'n aaneenlopende verhaal. In st. VI en VII moes daar 'n groot mate van eie studie wees, die verband tussen Suid-Afrikaanse en wêreldgeskiedenis moes besef word, en die beginsels van verantwoordelike bestuur moes behandel word.[2]

Die leergange vir al die laerskoolvakke is in die Provinsiale Koerant van 21/4/1911 uiteengesit.

Soos hierbo aangetoon, het die direkteur i.v.m. taalonderrig groot klem op spreekoefeninge gelê. Dat dit nodig was, blyk uit die verslae van talle inspekteurs wat jaar na jaar klaagtone oor dieselfde saak laat hoor het, bv. in die 1911-verslag het Hofmeyr (bl. 72), Hoogenhout (bl. 74), Kerrich (bl. 78), Mansfield, Klooster, e.a. die saak aangeroer. Hofmeyr se mening kan hier as voorbeeld dien:

> ,,Het kind leert door te praten en te luisteren naar het praten van anderen. Het schryven van een taal is een zaak van latere en mindere overweging. Een taal moet allereerst gesproken worden. Vandaar het grootste belang van iedere dag gemeenzame samenspraken te hebben met de leerlingen, en vooral met die in de aanvangsklassen."

Kerrich het gesê (bl. 78):

> ,,Onze taallessen schynen te boekachtig en te 'papierachtig',..... te veel een zaak van gedrukte en geschreven woorden, en niet een zaak van levende en gesproken woorden."

Bogaande opmerkings sien op albei tale.

Die bogemelde leerplan het geen onderskeid tussen dorp- en plaasskole gemaak nie, en het, wat die plattelandse skole betref, onveranderd in werking gebly slegs tot in 1913.

In 1913 het die Onderwysraad bestaande uit J.E. Adamson

1) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 29.
2) Prov. Kt. no. 47 van 21/4/11, bl. 60, Adm. Kennisg. no. 74.

as voorsitter en W. Cullen, F.V. Engelenburg, H.L. Malherbe en T. Reunert as lede,[1] deeglik ondersoek ingestel na die onderwys in plattelandse skole en verslag daaroor uitgebring.

Die Raad het tot die besluit geraak dat die onderwys op die platteland meer by die omgewing aangepas moes word,[2] en dat die leerplanne vir buiteskole vereenvoudig moes word. Tot dusver was die toestand soos deur Dewey geskilder:[3]

> "There is the standing danger that the material of formal instruction will be merely the subject matter of the schools, isolated from the subject matter of life-experience. The permanent social interests are likely to be lost from view.... Thus we reach the ordinary notion of education:..... the acquisition of literacy."

Onderrig in lees, skryf, reken, geskiedenis en aardrykskunde kon in die plattelandse skole dieselfde as in die dorpskole wees, maar veral natuurstudie en handearbeid moes by die plattelandse omgewing aanpas. Immers, 80% van die plaaskinders het nie verder as die verpligte st. V geleer nie. Sou die orige 20% dan nie miskien benadeel word deur 'n gedifferensiëerde leerplan nie? Die Raad het gemeen van nee, aangesien hulle gewoonlik die intelligentste leerlinge was, wat spoedig verlore terrein ingehaal het mits hulle jonk genoeg na 'n hoërskool oorgeplaas is, d.w.s. op die uiterste ná st. V.

Benewens die vereenvoudiging van die leerplan vir plaasskole is daar ook voorgestel dat die klasse in groepe ingedeel moes word i.p.v. in standerds.[4]

Handelende op die aanbevelings in hierdie verslag, het die departement 'n kommissie aangestel, bestaande uit die direkteur en inspekteurs Botha, Klooster en White,[5] om 'n gewysigde leerplan vir buiteskole op te stel, wat dan ook teen die einde van 1913 gepubliseer is.[6]

Die hoofdoel was, volgens Adamson, om die leerstof vir buiteskole te vereenvoudig, veral vir een- en tweemanskole.

---

1) Eerste Verslag van die Onderwysraad dd. 20/6/13 (19 bl.) Goewts. dr. T.P. 7/1913.
2) Ibid., bl. 10 e.v.
3) Dewey, J.: Democracy and Education, bl. 10.
4) ~~Ibid., bl. 13~~. Verslag van Onderwysraad, bl. 13.
5) Jaarverslag T.O.D. 1913, bl. 8.
6) Prov.Kt.no.198 van 12/12/13, bl.231-261, Adm.Kennisg.no.493.

Die werk is in groepe verdeel. Hieraan was sekere voordele verbonde en die euwel van 'n groot aantal standerds voor een onderwyser is daardeur verminder (verwyder kon 'n mens dit nie).

Die leergange is baie breedvoerig aangegee ten einde die onderwyser tot leidraad te strek, en dit het veral vir die tale gegeld. Besondere nadruk is op natuurkennis gelê. ,,Het is een verplicht vak, en onderwyzers zullen zich biezonder moeten inspannen om het tot zyn recht te doen komen." Wat hierdie vak betref, kon die plattelandse skole werklik tot skole vir die platteland gemaak word. Skooltuine moes waar moontlik aangelê word.

Die wyse waarop die nuwe leerplan ingevoer moes word, moes deur die inspekteur bepaal word.

Verpligte vakke vir buiteskole was Engels, Hollands, Suid-Afrikaanse sowel as algemene geskiedenis en burgerpligte, aardrykskunde, natuurstudie, rekene en bybelonderrig.

Hierdie differensiëring van leerplanne tussen dorp- en plaasskole was 'n goeie stap. Fowlkes[1] meen dat 'n sekere minimum kennis vir alle mense nodig is, maar daarbenewens moet daar 'n wye en verskeie differensiëring wees.

Die invoering van natuurstudie het ook in die teken van die nuwe opvoeding gestaan, nl. om die kind in aanraking met sy omgewing te bring en intelligente belangstelling in sy omgewing aan te wakker, soos Ballard dit uitdruk.[2]

Uitgebreide suggesties is aan die einde gegee vir die onderrig van die tale. Spraakkuns as sodanig het feitlik verdwyn en die metode was die direkte - oefening in mondelinge en skriftelike gebruik van die taal.

Selfs ná die vereenvoudiging van die leerplan, het sommige inspekteurs nog gekla dat dit te ,,overladen" was.[3] Die invoering van die groepstelsel het ook moeilikhede opgelewer

---

1) Fowlkes, John Guy: Planning Schools for Tomorrow, in Journal of Educl. Sociology, September, 1942, bl. 21.
2) Ballard, P.B.: The Changing School, bl. 270 e.v.
3) Jaarverslag T.O.D., 1914, bl. 91.

omdat die ouers soms van mening was dat hulle kinders teruggeplaas is deur die onderwyser, daar st. II saam met st. I moes lees, ens.

In die 1914-verslag het alle inspekteurs gemeld dat die nuwe leerplan in hulle kringe ingevoer was, dog daarby gevoeg dat dit te vroeg was om die vrug daarop te sien. In 1915 is daar egter gemeld dat die leerplan goeie vrugte afgewerp het, en dat die groepstelsel goed gewerk het,[1] hoewel skooltuine 'n seldsaamheid gebly het.

Skooltuine het lank daarna nog 'n seldsaamheid gebly. Hier was nou die geleentheid om die leerlinge van passiewe luisteraars om te skep in aktiewe deelnemers, 'n verandering wat so sterk bepleit word deur die nuwe opvoedkunde.[2] Maar dieselfde verskynsel het hom openbaar wat vandag nog dikwels die geval is, selfs in sg. aktiwiteitskole en wat so raak beskryf is deur Bode:[3]

> ,,The contention of progressive education that the school must serve, first of all, as an agency for securing wider participation by the pupil in the life of the community has much to recommend it. Whether progressive education has succeeded in living up to this basic idea, however, is open to question. It has attempted to realise this idea by means of workshops, laboratories, (en ons kan sê tuinmakery), visit to the docks and the nearby factories, and what not, but the results of all this are problematical. Pupils gain a measure of understanding of the life about them, but they are not restored to the status of participants. They tend to remain spectators or bystanders."

<u>(c) Oorgang tussen Laer- en Middelbare Skool</u>. Die onsekerheid wat daar nog op sommige gebiede geheers het t.o.v. onderwyssake, kom nêrens beter aan die lig nie as juis in verband met hierdie onderwerp.

Die regulasies van 1909 het voorsiening gemaak vir 'n vyfjarige kursus in die hoërskool en die oorgang moes plaasvind ná st. V. Die bepalings van 1912[4] het geen essensiële verandering hierin gebring nie.

---

1) Jaarverslag, T.O.D., 1915, bl. 117, 123, 128.
2) Dewey, John: Democracy and Education, bl. 321; en Coetzee, J.C.: Die Moderne Opvoeding, bl. 24.
3) Bode, Boyd H. in Progressive Education, Nov.1931, bl. 545.
4) Prov. Kt. van 6/9/12, bl. 112-121; Adm. Kennisg. no. 212.

Vanaf die jaar 1913 tot en met 1917 het die direkteur jaarliks in sy verslae weer die saak bespreek en sy opvattings was van jaar tot jaar dat die oorgang na st. V moes plaasvind, maar praktiese moeilikhede het hom genoop om st. VI as oorgang voor te staan.

Teen die einde van 1914 is daar regulasies gepubliseer[1] wat neergelê het dat toelating tot 'n middelbare skool alleen sou plaasvind ná st. VI, en dat die middelbare kursus daarna nog 5 jaar sou duur, dus een jaar langer as tevore om matriek te bereik vanaf st. I.

In 1915 het Adamson[2] nogmaals die saak van oorgang na die middelbare skool bespreek, en tot die slotsom geraak dat, onder toe heersende omstandighede, dit beter was dat st. VI in die laerskool moes bly, temeer omdat oorplasing na handels- en ambagskole eers ná st. VI plaasgevind het, en laerskole dus met 'n uitgedunde st. VI sou bly sit het, terwyl hoërskole 'n deel van die leerlinge sou gehad het. Die verdubbeling en oorvleueling sou verkwistend wees.

In 1916 se verslag het Adamson die verhoging van verpligte onderwys tot st. VIII bepleit,[3] d.w.s. minstens twee jaar ná die laerskoolkursus, nie vir 'n klein minderheid soos toe die geval was nie, maar vir die groot meerderheid. As daartoe oorgegaan sou word, sou oorplasing na middelbare skole, volgens sy insigte, liefs ná st. V moes plaasvind. Nou kon dit egter nie, want as die laerskole by st. V sou afsluit, sou die groot meerderheid nie eers st. VI deurloop nie. Gedurende 1916 is die ouderdom en standerd van verpligte skoolbesoek verhoog[4] tot st. VI of 16 jaar, indien 'n skoolraad verkies het om dit toe te pas.

---

1) Prov. Kt. no. 252 van 25/11/14, bl. 132, Adm. Kenuisg. no. 551.
2) Jaarverslag T.O.D. 1915, bl. 10 - 16.
3) Ibid., 1916, bl. 12.
4) Prov. Kt. no. 365 van 10/1/17, bl. 9. Ord. 16 van 1916. (Volgens Prov. Kt. van 29 Maart 1912, bl. 284, Adm. Kennisg. no. 85, was dit 15 jaar of die voltooiing van st. V. Volgens wet no. 25 van 1907 was dit 14 jaar of st. IV.)

In 1917 is die saak weer[1] van albei kante deur die direkteur bespreek, en toe was hy ten gunste van oorplasing ná st. V.

„Toen slechts enkele leerlingen naar de middelbare kursus overgingen, waren er gewichtige redenen om de kursus van het zesde jaar op de lagere school te behouden. Nu de meesten verder studeren .......... ben ik er overtuigd van dat de overgang moet geschieden na afloop van het vyfde jaar."

Hoe Adamson tot die oortuiging geraak het dat „de meesten nu verder studeren" is moeilik om te verklaar, want sy vergelykende statistieke toon dat daar in 1911 reeds 2486 leerlinge op hoërskole en middelbare afdelings was, en in 1917 was die aantal[2] 3299, 'n vermeerdering van minder as 33%. Gedurende dieselfde tydperk het die aantal laerskoolleerlinge vermeerder[3] van 51,734 tot 87,156, d.w.s. met ruim 68%. En dit was die enigste syfers tot sy beskikking destyds.

Op die dertiende Algemene Vergadering van die T.T.A. in 1917 is teen oorplasing ná st. V, soos deur die direkteur voorgestel, besluit,[4] aangesien

„this would act detrimentally to the interests of Education in general, and in the interest of those who do not intend to take the full ten years' course it is preferable and advisable to extend the Primary School course."

In die begin van 1918 is die regulasies so gewysig[5] dat oorplasing nog ná st. VI sou plaasvind, maar dat die middelbare kursus daarna slegs 4 jaar sou duur.

(d) Inspekteurs en Inspeksiewerk.

(i) Inspekteurs. In die begin van 1912 het daar aansienlike

1) Jaarverslag T.O.D. 1917, bl. 60 e.v.
2) Ibid., bl. 91.
3) Ibid., bl. 88.
4) The Transvaal Educational News, 30 Mei 1917, bl. 7-8
5) Prov. Kt. no 425 van 20/2/1918, bl. 106, Adm. Kennisg. no. 53.

verandering en uitbreiding gekom in die inspekteursrange.[1] J.L. Moerdyk is aangestel in die plek van Jones wat teen die einde van 1911 oorlede is. Hiermee het die gebruik om 'n spesiale inspekteur vir naturelleskole in diens te hou, tot 'n einde gekom. Die noordelike kring, waaraan Jones verbonde was, is in twee kringe verdeel en elke inspekteur moes, soos in die res van die provinsie, sowel die naturelle- as die blanke skole inspekteer, 'n maatreël wat uiters ondoeltreffend geblyk het en in 1920 verander is, soos uit die volgende Hoofstuk sal blyk.

Omdat die werk op die Rand te veel vir twee distriksinspekteurs geword het, is D. Linney aangestel om Thompson en Acheson behulpsaam te wees. Acheson is verhoog tot die rang van inspekteur[2] en moes die Oos-Rand neem, terwyl die ander twee Rand-Sentraal en Wes-Rand moes behartig. Visscher sou Hollandse inspekteur op die Oos-Rand en Rand-Sentraal wees terwyl Stoffberg die Hollands op Wes-Rand moes inspekteer. Mansfield het na tien jaar diens in Pretoria sy ontslag geneem om 'n werkkring in Engeland te aanvaar. Sy vertrek is deur sy kollegas, deur die onderwysers, deur die publiek, deur die skoolraad en deur die departement betreur, daar hy 'n man van deeglike karakter was, wat sy werk grondig en nougeset gedoen het.[3]

Vanaf 1913[3] sou 'n nuwe reëling van die inspeksiekringe ingevoer word, en daarna sou inspekteurs in die reël elke vyf jaar van kring verwissel, behalwe waar dit in die belang van 'n kring was om die inspekteur daar te laat bly. So bv. het Thompson, met sy jarelange ondervinding van stadskole, op die Rand gebly tot op sy aftrede in 1922.[4]

Die nuwe reëling van die inspeksiekringe was ook weer van so'n aard dat 'n inspekteur bevoegd in Engels en een bevoegd in Hollands bure geword het, sodat die Hollandsspre-

1) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 28.
2) Hy was vroeër onder-inspekteur op die Rand.
3) Jaarverslag T.O.D.1912, bl. 30
4) Ibid.1922, bl. 9.

kende die Engelssprekende in die groter dorpskole behulpsaam kon wees.[1]

In 1913 is A.J. de Vos, J. Lub en P.M. v.d. Lingen tot inspekteurs benoem en A Stephen tot aflos-inspekteur.[2] F.P. Hoogenhout het bedank. Die aantal inspekteurs was toe 21, nl. 18 vir laerskole, een vir sekondêre skole en afdelings een vir tegniese onderwys, en een dame. Ook is die eerste mediese inspekteur van skole in 1913 aangestel, nl. dr. C.L. Leipoldt.

Reis het nou meer per motor geskied as per perde en muile, en dit het meer tyd vir besoek aan skole gelaat.[3] Heel tevrede hiermee, het inspekteur F.P. Botha gerapporteer[4] dat as gevolg van die gebruikmaking van „'n rytuig waarmee ik my sneller kon bewegen, te weten: de automobiel," hy meer tyd gehad het „voor't deeglik eksaminering der leerlingen, en vir bespreking met onderwysers. Daar was in 1913 gemiddeld ongeveer 52 skole en 4000 leerlinge per inspekteur.

Die inspekteurs het gereeld twee keer per jaar in konferensie byeengekom,[5] nl. in Junie en in Desember. By die tweede konferensie is veral die eksamenskrifte van sts. VI en VII nagesien. Op die konferensies het hulle met mekaar in aanraking gekom, en kon hulle sake van algemene belang bespreek, asook trag om 'n sekere mate van uniformiteit dwarsdeur die provinsie te handhaaf.

Ook die inspeksie het die invloed van die oorlog ondervind.[6] Thompson was in 1915 met verlof. Ligertwood is na die Rand verplaas waar hy algemene sowel as Hollandse inspeksie waargeneem het. H. Visscher is na Ligertwood se vorige kring (Marico) oorgeplaas. Weëns bedankings en ander omstandighede het daar ook nog ander veranderings in 1915 plaasge-

1) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 32.
2) Ibid., 1913, bl. 6.
3) Ibid., 1913, bl. 7.
4) Ibid., 1913, bl. 83.
5) Ibid., 1914, bl. 2.
6) Ibid., 1915, bl. 1.

vind.

Kapt. H.P. Mills was op aktiewe diens en die aflosinspekteur, A. Stephen, het sy werk gedoen. Ook M. White was op aktiewe diens in Oos-Afrika, waar hy later gesneuwel het.[1] Hy was inspekteur vanaf die dae van die kampskole, en baie ervare. Die verlies vir die departement was gevoelig. White het waarskynlik meer te doen gehad met die invoering van die groepstelsel en die afsonderlike leerplan vir buiteskole as as enigiemand anders. Clarke, inspekteur van middelbare onderwys, het die hoofskap van die King Edward VII-skool waargeneem[2] in die plek van Davis wat ook op aktiewe diens was. Inspeksie van tegniese onderwys is ook tydelik opgeskort omdat W.J. Horne tydelik die beheer van die Ambagskool te Pretoria moes oorneem. Afgesien van die mate van ontwrigting, was daar ook 'n sekere voordeel aan verbonde, omdat onderwysers nou kon toon of hulle selfs sonder inspeksie die deeglikheid van hulle skole kon handhaaf.

In 1916 is A.M. Robb van die Johannesburgse Normaalkollege aangestel in die plek van White.[3]

In 1917[4] het ook Clarke en Horne op aktiewe diens gegaan. Verskeie ander inspekteurs was siek, sodat inspeksiewerk gely het. Mej. du Boulay het voorheen die hele provinsie probeer dek, en daardeur is skole met lang tussenposes besoek. Vanaf 1917 sou die distriksinspekteurs na die naaldwerk in afgeleë skole omsien,[5] en af en toe proewe van die gedane werk ter beoordeling van Mej. du Boulay stuur. Sy sou dan verantwoordelik bly vir die werk in groter skole in dorpe en stede.

In die begin van 1918[6] is die inspekteurs, ingevolge die besluit van 1913, ná 5 jaar na ander kringe verplaas. Die direkteur het die beginsel van omruiling as heilsaam beskou:

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1916, bl. 36.
2) Ibid., 1915, bl. 2.
3) Ibid., 1916 bl. 36.
4) Ibid., 1917, bl. 11.
5) Ibid., bl. 12.
6) Ibid., bl. 13.

Afwisseling en die opdoen van nuwe ervarings moes 'n heilsame uitwerking hê sowel op die inspekteurs self as op die onderwysers en leerlinge. Ook was die klimaat verskillend, en sommige kringe was makliker om te bearbei. Thompson het op die Rand gebly, en Moerdyk op eie versoek in die moeilike distrik Waterberg. Die grense van alle kringe is opnuut vasgestel en daar was toe 14 kringe.

(ii) Inspeksiewerk. In verband met hierdie onderwerp is daar dwarsdeur die periode twee hoofstromings sigbaar. In die eerste plek het die opvatting steeds meer byval by die inspekteurs gevind dat hulle eintlike werk nie uit hoofdelike inspeksie en eksaminering moes bestaan nie. Hoe verder die tweede dekade van die twintigste eeu gevorder het, hoe harder het die roepstemme om hervorming in hierdie opsig opgegaan. Daarteenoor vind 'n mens in die tweede plek dat daar in die praktyk tog maar min vordering op hierdie gebied was, hoewel die inspekteurs die vryheid gehad het om met die tradisionele wyse van inspeksie te breek as hulle dit verkies het. Hierdie verwydering tussen teorie en praktyk is 'n verskynsel wat sig gedurig openbaar in onderwyssake, sowel as op ander terreine. Die praktyk staan gewoonlik jare agter by die teorie. Een vername rede hiervoor is dat die publieke mening in aanmerking geneem moet word, en dat dit nie so snel hervorm kan word as die insigte van ingeligtes nie. Gedurig vind 'n mens dat hierdie faktor vooropgestel word in die verslae van die inspekteurs.

Om hierdie twee aspekte van die saak behoorlik toe te lig ( en dit is 'n belangrike deel van hierdie verhandeling; ook is die tydperk onder beskouing, as oorgangstydperk, 'n belangrike), sal dit my vergun moet word om taamlik breedvoerig aan te haal uit die verslae van die direkteur en die inspekteurs.

Adamson het in sy verslag oor 1912 weer die kwessie van hoofdelike inspeksie breedvoerig bespreek.[1)]

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 41 - 44.

„De zaak komt in 't kort hierop neer, of iedere leerling van elke standaard al of niet door de inspekteur in elk vak van het leerplan moet worden geëksamineerd, of ten minste in de vakken die de kern vormen van het onderwys in de lagere school alvorens hy naar een hogere standaard overgeplaatst kan worden."

Hy was van mening dat dit 'n totaal verkeerde begrip was. Verstandelike ontwikkeling, het hy besef, moes nie met opgedane kennis verwar word nie. Wat van veel groter belang was, was die intellektuele omgewing waarin die kind opgegroei het, en die werk wat hy van maand tot maand en van kwartaal tot kwartaal geleer het. Hieromtrent kon die onderwyser beter oordeel as die inspekteur want „op de dag van inspektie kunnen slechts enige blyken van zyn ontwikkeling worden gegeven, en dan nog slechts onder ongewone omstandigheden."

Uit bogenoemde verkeerde begrip het, volgens Adamson, 'n tweede voortgevloei, nl. wat die eintlike werk van die inspekteur was. „Wat hy moet inspekteren is meer de school, het klaslokaal en de onderwyzerswoning dan de leerling. Zyn oog moet gevestigd zyn op de omstandigheden waaronder het geestelik en zedelik leven van iedere leerling zich ontwikkelt."

Hierna is dan die departement se sienswyse uiteengesit. Dit is namelik aan elke inspekteur oorgelaat om te besluit in hoever hy sy hoofdelike inspeksie sou stel bo die rapport wat die hoof en die klasonderwysers hom kon verskaf van elke leerling. Die plig van die inspekteur was (a) om toe te sien dat die klassifikasie van leerlinge in orde was, (b) om na te gaan of die voorgeskrewe werk behandel was, (c) om die onderwyser te sien werk en sy metodes te beoordeel, (d) om dan enkele uitgesoekte leerlinge in elke vak te ondervra, (e) om daarna die hele klas te ondervra en as 'n geheel te beoordeel t.o.v. vakke soos geskiedenis en aardrykskunde wat klassikaal behandel is, en (f) om in oorleg met die onderwyser leerlinge te bevorder. Geen vaste reëls was wenslik nie. Die departement het nog altyd die st. V1- en V11-eksamens gehad om gebreke te kontroleer wat miskien onder so'n inspeksiestelsel kon ingesluip het.

Daar was dus nog geen gelyktydige oorplasing nie. As

inspekteurs nog aan hoofdelike eksaminering vasgekleef het na bogaande uiteensetting, en oor die algemeen het hulle, moes die onus op hulle rus.

Dat ook die onderwysers die wenslikheid van oorplasing meer in hul hande te laat, gevoel het, blyk uit die besprekings op hulle vergaderings.

Reeds op 'n vergadering[1] van afgevaardigdes van die T.T.A. en die V.V.O.O.Z.A., gehou in Desember 1910, „is er sterk door de vergadering op aangedrongen dat de bevordering der leerlingen naar een hogere standaard in de handen van de onderwyzers moet zyn." Dit is so by die departement aanbeveel. In 'n toespraak op Lichtenburg in 1914[2] het G.J. Wissing die feit beklemtoon dat die onderwyser die beste geweet het of die leerling die volgende jaar se werk sou kan doen, en daarom moes dit aan die onderwyser oorgelaat word om oor bevorderings te besluit, soos dit destyds reeds in Nederland die gebruik was waar die skoolopsieners hulle nie met eksamens of met inspeksie as sodanig bemoei het nie.

Op die 20ste Jaarvergadering van die V.V.O.O.Z.A., gehou in 1917, is daar 'n mosie aangeneem[3]: „Het overplaatsen der kinderen geschiede in de toekomst door de onderwyzers onderworpen aan de goedkeuring van de inspekteurs." Hierop het die direkteur geantwoord[4]: „Het valt te betwyfelen of deze gewichtige verandering uitvoerbaar is. Het besluit zal overwogen worden op de eerstvolgende vergadering van de Inspekteurs van scholen." Hoe hierdie antwoord van 1917 te rym is met Adamson se uiteensetting van 1913 is moeilik om te begryp.

In 1914 het die direkteur in sy verslag[5] vermeld dat die inspekteurs byna almal die een punt beklemtoon het, nl. dat hulle tyd so in beslag geneem is deur die eksaminering van leerlinge met die doel om hulle te klassifiseer, dat hulle min tyd gehad het vir vormende en opbouende werk. Hy

---

1) Het Kristelik Schoolblad, 1Jan. 1911, bl. 4.
2) Ibid., 1 Okt. 1914, bl. 5.
3) Ibid., 1Julie 1917, bl. 2, punt 19.
4) Ibid., bl. 4.
5) Jaarverslag T.O.D. 1914, bl. 39.

was van mening dat hervorming in hierdie rigting moeilik sou wees omdat die ouers so geheg was aan die idee dat die inspekteur moes eksamineer en oorplaas. Hy het egter belowe dat die hele aangeleentheid van inspeksie en rapporte binnekort aangepak sou word.

Kenskketsend van die gevoelens van die meeste inspekteurs is die volgende uittreksel uit die rapport van W. Klooster:[1)]

„Te grote haast is een andere veel voorkomende fout. Een geleidelike harmoniese ontwikkeling, voorbereiding voor 't leven, ziels- en lichaamskrachten zo te ontwikkelen, dat de leerling z'n weg weet door 't leven; allemaal mooie termen voor de schoolarbeid. Mooie termen op 't papier, in theorie. En in de praktyk een haasten en reppen naar de kwartaaleksamens, naar de inspektie-eksamens, naar 't eksamen voor Lagere-schoolcertifikaat. Een „opdrukken" van belang. 't Gevolg is dan ook dat de kennis er „op" zit. Ons „klaarmaken voor 't leven" is te veel eksamen- en inspektiedril.

En onze ouders zyn zo op eksamens gesteld. Niet alleen op de eksamens, welke zogenaamd waarborg moeten geven voor zekere bekwaamheid, of die toegang geven tot verdere studies, maar ook op de inspektie-eksamens, waarby de inspekteur al de leerlingen stuk voor stuk in een half dozyn vakken onderzoekt en - „paast" of laat zakken. 't Zyn vooral ouders, die 't heerlik vinden, als de inspekteur hun kind overplaatst. Doet de meester 't, dan is 't lang niet zo echt. Ik schreef aan zes onderwyzers en verzocht hen zelf de leerlingen over te plaatsen. Van vyf kreeg ik dringende brieven toch asjeblieft te komen, om de ouders tevreden te stellen.

't Wordt tyd dat ook in dit opzicht de publieke opinie kentert. Goed beschouwd, is 't toch zo'n dwaasheid, dat een onderwyzer (ik bedoel nu de man, die z'n werk verstaat en er in leeft) een heel jaar met een klas werkt en dat er dan aan 't eind van 't jaar een inspekteur (ik bedoel weer de man die zyn werk verstaat en er in leeft) beslist wie van de leerlingen wel en wie niet overgaat. Nu pas ik er wel een mouw aan, door de klassen in de hoofdvakken persoonlik hoofdelik te onderzoeken, en de eindbeslissing feitelik aan de onderwyzer over te laten, maar daarmee is de zaak niet gezond. 't Hele stelsel van geregelde hoofdelike inspektie met overplaatsing door de inspekteur moet de wêreld uit. 't Maakt van onze onderwyzers zulke kleine knechtjes en van onze inspekteurs zulke grote kleine mannen. Natuurlik spreek ik alleen van de scholen, waar 't personeel bevoegd, bekwaam en betrouwbaar is. En ik wil hiermee niet zeggen dat ik tegen alle hoofdelike onderzoek ben. Volstrekt niet. Ik acht een individueel onderzoek niet alleen gewenst, maar soms beslist nodig. Elk ogenblik kan een inspekteur een klas in een bepaald vak grondig onderzoeken; en naar aanleiding van dit onderzoek de leerlingen, de resultaten van 't onderwys, de methode, enz., bespreken; maar de inspekteur moet niet de eeuwigdurende eksaminator zyn. Hy zy de vriend en de raadsman en van onze jonge onderwyzers de leidsman, en niet de inkwisiteur. Daardoor zal 't werk van de inspekteurs zoveel aangenamer en vruchtbaarder worden; 't zal de onderwyzer in de ogen van de ouders verhogen en hem meer ruimte geven voor z'n individualiteit; 't zal, en dit is 't voornaamste, de leerlingen ten goede komen, omdat 't werk kalmer, degeliker zal worden verricht, en omdat de tyd voor eksamen-

1) Jaarverslag T.O.D. 1914, bl. 108.

kunstjes en eksamendril kan gegeven worden aan een ruimere algemene ontwikkeling. Algemene kennis is van veel meer waarde voor 't leven dan eksamenkennis; en daarby krygt ook de onderwyzer meer gelegenheid te werken aan de morele opvoeding van de leerlingen en 't vormen van karakters."

Soortgelyke ontboesemings was geen seldsaamheid in die inspeksieverslae nie.[1)] Hofmeyr het hom as volg uitgelaat:[2)] ".........aan de eindeloze rondgang van „inspektie voor verhoging," die feitelik niets anders dan eksamens zyn, is geen ontkomen."

In 1917 het die aantal skole in Hofmeyr se kring[3)] vermeerder van 57 tot 79, en die aantal leerlinge van 4,108 tot 6,294, d.i. met meer as 2,000 —— „geen kleinigheid voor de man die verwacht wordt elk individueel kind in zyn kring te eksamineren. 't Is natuurlik 'n onbegonnen werk, die individuele inspektie waarvan men zoveel hoort. 't Is eenvoudig 'n fysieke onmogelikheid en daarenboven onnodig als men bevoegde en toegewyde onderwyzers en onderwyzeressen heeft."

Uit die voorgaande het reeds al geblyk wat in die praktyk deur die meerderheid van die inspekteurs, so nie deur almal nie, gedoen is. Hoofdelike eksaminering was aan die orde van die dag.

Die toestand aan die einde van die periode onder beskouing kan bes opgesom word in die woorde van die direkteur self:[4)]

„Op dit punt kan een opmerking gemaakt worden over het werk van de inspekteurs. Hun rapporten geven byna zonder uitzondering te kennen dat de hoeveelheid werk die ze verrichten moeten, hen bepaalt by het uitoefenen van kritiek en het houden van toezicht. Een noemt zich een eksamenmachine en over 't algemeen betreuren ze het dat ze zo weinig tyd hebben voor hetgeen we hierboven opbouwende wenken genoemd hebben, die het belangrykste deel van de werkzaamheden van een inspekteur uitmaken. Die zyn hoofdzakelik tweeërlei volgens de populaire opvatting. In de eerste plaats moet hy er op toezien dat 's lands gelden goed worden besteed; dat de onderwyzers hun plicht doen zodat de Staat behoorlik voor onderwys kan zorgen. Dit is klaarblykelik een eerste verantwoordelikheid. In de tweede plaats is hy verantwoordelik voor de bevordering van kinderen van de ene standaard naar de andere. Die moet om drie redenen zorgvuldig gere-

---

1) By. in Jaarverslag T.O.D. 1913, bl. 103; 1914, bl. 88 en 100; 1915 bl. 130 en 152; 1916 bl. 124, 143, 146; 1917 bl. 150 en 159; 1918 bl. 140, e.a.
2) Jaarverslag T.O.D. 1914, bl. 99.
3) Ibid. 1917, bl. 136.
4) Jaarverslag T.O.D. 1917, bl. 12 - 13.

geld worden. Het is een zaak van het hoogste belang voor het kind zelf; het is een zaak waarin de ouders het grootste belang stellen; en bovendien hangt de behoorlike organisatie van de school daarvan af. De verantwoordelikheid voor bevordering en klassifikatie moet altyd een voorname plaats innemen in de werkzaamheden van de inspekteur. Er blyft evenwel nog veel opbouwend werk over, dat voor het onderwys misschien van meer belang is dan de beide eerstgenoemde werkzaamheden en niet minder belangrik omdat het in zekere opzichten niet omschreven is, en verricht wordt al naar de omstandigheden het eisen en niet op de bladzyden van een officieel rapport kan aangegeven worden. Een wenk hier, aanmoediging daar, een gepaste vergelyking, het geven van een les, opmerkingen over het lezen, en nog op vele andere wyzen zal de ervaren inspekteur trachten op te bouwen. Maar daarvoor is tyd nodig. Het kan niet gedaan worden indien de beschikbare tyd in beslag wordt genomen met het nazien van het werk van de leerlingen. Nog minstens drie nieuwe inspekteurs zouden ten volle gewettigd zyn."

(e) Eksamens. Tiperend.van die tydperk onder bespreking is die beskouing van Thompson[1] in 1911

„dat er heden een werkelik gevaar is in het sisteem van onze lagere scholen en wel dat ze overvoerd worden met eksamens.········. Wy hebben op 't ogenblik een St. lV eksamen voor arbeidscertifikaten, een St. V eksamen voor de hogere schoolbeurzen, en St. Vl en Vll eksamen voor schoolcertifikaat."

Thompson het 'n vermindering aanbeveel, dog vooraanog is daar nie op ingegaan nie. Verder het die departement die instelling van nog meer eksterne eksamens oorweeg,[2] d.w.s. aan die einde van st.l vir oorgang na die middel-afdeling van die laerskool, en aan die einde van st. lV vir alle leerlinge vir oorplasing na die hoogste afdeling van die laerskool. Hierteen het verteenwoordigers van die V.V.O.O.Z.A. en die T.T.A. hulle uitgespreek.[2] Gedurende 1914 is daar verskeie kere aangedring op die afskaffing van die st. Vll-eksamen deur die V.V.O.O.Z.A.[3] Op die 16de jaarvergadering van die V.V.O.O.Z.A. is 'n mosie aangeneem[4] dat die skriftelike eksamen vir st. Vl afgeskaf word, waarop die direkteur geantwoord het dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie, en dat die inspekteurs met hierdie sienswyse saamgestem het.

Dat die onderwysers in Engeland ook reeds in 1911 sterk

1) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 99

2) Het Kristelik Schoolblad, 1 Jan. 1911, bl. 3.
3) Ibid. 1 Feb. 1914, bl. 1; 1 Mei 1914, bl. 7 — Verslag v.d. 17de Jaarvergadering.
4) Ibid. 1 Julie 1913, bl. 1, punt Vlll.

teen eksamens gekant was, blyk uit die volgende woorde van Hartog wat hy voor 'n kongres van onderwysers te Portsmouth gebesig het op 1 Sep. 1911:[1) „I say, although before an audience largely composed of teachers it needs some courage to say it, that examinations may be useful and even necessary."

Hoë verwagtings is soms gekoester veral van die eindeksamens. Corbett het dit in 1913 as sy mening uitgespreek[2)]

> „dat dit eksamen ontzaglik veel goed doet, en niet slechts in St. Vl en Vll, doch van de substandaards opwaarts, aangezien hoofden ten volle beseffen dat de leerling van St. Vl of Vll in de substandaards en lagere standaards gevormd of bedorven wordt."

Met verbasing het hy in die skole van Lichtenburg veeróórdeel „tegen dit hoogst noodzakelike en allernuttigste eksamen" teëgekom. In 1912 het baie leerlinge in Lichtenburg gedruip, en miskien sou nog meer in 1913 gedruip het, maar hierdeur is juis, volgens Corbett, bewys gelewer van hoe noodsaaklik die eksamen was.

Ook ander inspekteurs het soortgelyke beskouings gehuldig. In 1915 het die Eksamenkomitee vir Engels, bestaande uit inspekteurs, i.v.m. die laerskoolsertifikaateksamen gerapporteer[3)] dat die eksamenuitslae aangetoon het dat, terwyl daar 'n groot aantal skole op die vereiste peil was en dus nut uit die eksamen getrek het, daar nog taamlik baie was wat nie die vasgestelde peil bereik het nie en wat dus nie die voordeel uit die eksamens getrek het wat daarmee beoog was nie.

Daar is dus niks as voordeel in die eksamens gesien nie. Dat dit onderwysers en leerlinge genoop het om hulle toe te lê op eksamendril en eksamenkunsies, soos Klooster dit uitgedruk het,[4)] en so daartoe bygedra het om die leerplan en die onderrig te vereng, het blykbaar by sommige onopgemerk verbygegaan. Dit is tipies van die „ou skool" waar „children are forced, whatever their temperament or type, to spend their school time learning examination subjects to the exclusion of the development of all those functions of a human being

1) The School World, Okt. 1911, bl. 361.
2) Jaarverslag T.O.D. 1913, bl. 92.
3) Ibid. 1915, bl. 169.
4) Kyk bl.135 supra.
5)

which are not purely intellectual.[1] As eksterne prikkels, soos eksamens e.a. aangewend moet word, selfs vanaf die substandards soos deur Corbett beweer, is dit 'n aanduiding dat die skoolwerk nie by die kind se belangstelling aansluiting vind nie.[2]

Ook was die toekenning van punte so wisselvallig en subjektief dat kinders se toekomstige loopbaan op arbitrêre wyse beslis is. Daar kan ten minste aangeneem word dat 'n monster van ongeveer 2000 tot 3000 onuitgesoekte leerlinge van een jaar nie sal verskil van 'n ooreenkomstige monster van die volgende jaar, en ook dat die onderrig en die bekwaamheid van die onderwysers ongeveer konstant sal wees in enige twee opeenvolgende jare. As dan die uitslae so verskillend was, dat daar in 1913 slegs 52·3% leerlinge in st. Vl geslaag het en in 1914 weer 76%, om die volgende jaar weer te daal tot 66%, en so verder, moes daar iets met die eksamenstelsel verkeerd gewees het. (Kyk tabel Vl, bl. 140.)

Dieselfde verskynsel doen hom voor i.v.m. die st. Vll-eksamen gedurende die 5jaar totdat dit in 1915 afgeskaf is[3]. Teenoor 50% in 1911, het 71·5% in 1912 geslaag en weer slegs 54·3% in 1913 om dan te styg tot 78% in 1914.

Ook in afsonderlike vakke word dieselfde aangetref. Om dit aan te toon, word die aantal druipelinge in Engels en in Hollands ook aangetoon. Al die syfers is aan die jaarverslae van die verskillende jare ontleen.

Daar was twee vernome gebreke aan hierdie eksamens verbonde: (a) Hulle is nog te veel deur eksterne eksaminatore afgeneem. Hoewel volgens die regulasies van 1909 die leerling se skoolverslag in aanmerking geneem kon word, was die eksamen assodanig ekstern, en het die onderwysers geen seggenskap gehad nie; daarom het die redakteur van Het Kristelik Schoolblad in 1918 nog moes skryf[4] dat die eindeksamen (st. Vl) in sy toe bestaande vorm moes verdwyn. „Het moet

1) The New Era, Jan. 1928, bl. 2.
2) Dewey, John: Democracy and Educ., bl. 64.
3) Jaarverslag T.O.D. 1915, bl. 20.
4) Het Kristelik Schoolblad, 1 Jan. 1918, bl. 3.

Tabel VI: Eksamenuitslae T.O.D. St. VI en VII 1910-1918.

(i) St. VI.

| | 1910 | 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | 1915 | 1916 | 1917 | 1918 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal Ingeskryf | 1210 | 1534 | 1587 | 1759 | 1833 | 2170 | 2746 | 3338 | 3410 |
| Aantal Geslaag | 714 | 860 | 934 | 920 | 1387 | 1434 | 2117 | 2683 | 2486 |
| % Geslaag | 59 | 56 | 59 | 52.3 | 76 | 66 | 77.1 | 80.4 | 72.1 |
| Gedruip in Eng. | 238 | 533 | 407 | 445 | 467 | 441 | 248 | 365 | 466 |
| Gedruip in Holl. | 466 | 807 | 728 | 551 | 662 | 686 | 686 | 568 | 688 |

(ii) St. VII.

| | 1910 | 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal Ingeskryf | 496 | 460 | 600 | 595 | 633 | |
| Aantal Geslaag | 340 | 231 | 429 | 323 | 493 | Eksamen Afgeskaf. |
| % Geslaag | 68.5 | 50 | 71.5 | 54.3 | 78 | |
| Gedruip in Eng. | 118 | 142 | 126 | 152 | 199 | |
| Gedruip in Holl. | 128 | 224 | 167 | 178 | 161 | |

worden 'n eksamen waarby de zeggenskap van de school veel groter wordt, en de nodige kontrole van de Inspekteur toch niet ..r wordt gemist." (b) Hulle het mank gegaan aan al die gebreke van die ou-tipe eksamen, en veral in die opsig dat die vraestelle van die verskillende jare grootliks in moeilikheid van mekaar verskil het, sonder dat dit juis opsetlik so bedoel was. Dit kon soms plaasvind as gevolg van

> „the unfortunate wording of one or more questions, The questions have occasionally been too long and complicated. Sometimes terms unfamiliar to the candidate have been employed. Sometimes the meaning of the troublesome question would have been obscure to anyone. Sometimes the question has been capable of two or more interpretations, one of which was not even suspected by the examiners."[1]

Dit was die gevolgtrekking waartoe die College Entrance Examination Board in Amerika in 1923 geraak het i.v.m. hulle eie eksamens.

Die eksamenvrae van st. Vl en Vll was soms werklik moeilik. In die tweede verslag van die Onderwysraad[2] is die vrae-

1) Kandel, I.L.: Examinations and their Substitutes in the U.S., bl. 50.
2) Tweede Verslag van die Onderwysraad. 1914 T.P. 4/1914

stelle vir 1913 opgeneem, en as dit vergelyk word met die vereiste peil vandag, was die van 1913 inderdaad te moeilik. Dit is ook destyds besef, want dadelik nadat die eksamens afgeloop was, en nog voordat die uitslae bekendgemaak is, is daar heftig beswaar geopper van die kant van die onderwysers. Die redakteur van Het Kristelik Schoolblad het gemeen[1] dat die st. Vll-eksamen, en veral rekene, te moeilik was. O. van Oostrum het ook die rekene-vraestel veroordeel.[2] Ook die eksamenkommissie was van oordeel[3] dat die opgawes vir die gewone skool, en veral vir die kandidate van die plaasskole te moeilik was. Beswaar is ook in die Schoolblad gemaak toen die vrae oor natuurstudie en algebra vir st. Vll. Die gevaar was dat sulke moeilike vraestelle die werk op die skole sou beïnvloed, daar die onderwysers moeilike probleme sou aanpak met die oog op die eksamens, ten koste van maklikeres wat die grondslag moes lê. Die morele skade van die „zweep des drywers" moes ook nie onderskat word nie.[4]

Die gevolg van al hierdie kritiek was dat die vrae vir 1914 aansienlik makliker was. Dit word in die Schoolblad beweer[5] en ook in die eksamenuitslae (tabel Vl) weerspieël. Die onreg wat die vorige jaar aan ongeveer 24% van die leerlinge gedaan is, is duidelik af te lei. Moontlik is sommige se toekomstige lewensloopbaan daardeur verwoes, en met ander was die geval dat „while a stroke of bad luck would put him back a whole year, no amount of good luck could put him forward a day."[6]

Vanaf 1915 was die st. Vl-eksamen die eksamen vir die laerskoolsertifikaat.

Die peil wat toe met die eksamen bereik was, blyk uit die verslae van die eksamenkommissies, en is van genoeg belang om hier bei kortliks weergegee te word.[7]

---

1) Het Kristelik Schoolblad, 1Des. 1913, bl. 1.
2) Ibid., bl. 5-8.
3) Jaarverslag T.O.D. 1913, bl. 162.
4) Het Kristelik Schoolblad, 1 Jan. 1914, bl. 2.
5) Ibid., 1 Des. 1914, bl. 7-8.
6) Ballard P.B. Mental tests, bl. 111.
7) Jaarverslag T.O.D. 1915, bl. 168-176.

Engels: 'n Groot aantal skole was op die vereiste peil, en het dus nut uit die eksamen getrek. Daar was egter nog baie wat nie die vasgestelde peil bereik het nie, en wat dus nie die voordeel uit die eksamen behaal het wat daarmee beoog was nie. Die kommissie het voorgestel dat daar vanaf die volgende jaar twee eksamens in Engels gehou moes word, nl. 'n hoër en 'n laer eksamen. So'n reëling het lankal bestaan t.o.v. Hollands, en, na die kommissie verneem het, het die onderrig van Hollands aan Engelse kinders hierdeur gebaat. Soos blyk uit later jaarverslae is dit dan ook gedaan.

Algebra: Die uitslae was as 'n geheel onbevredigend. Slegs 37% kandidate het geslaag. Vraag 2 was: Bereken 't vierkant van (a-b+c) en trek de uitkomst af van $a^2+b^2+c^2+ab+ac+bc$.

Geskiedenis: Die groot moeilikheid van die kandidate was om definisies te gee, en om oorsake en gevolge na te spoor.

Hollands: Daar was ook nog heelwat foute om op te wys, maar die werk was oor die algemeen bevredigend. 73% het geslaag. Hollands, st. IV en st. V, is blykbaar deur Engelse kandidate geskryf, te oordeel na die mengelmoes van Engels en Hollands wat daarin voorgekom het.[1] Die uitslae was hier minder bevredigend, aangesien onderskeidelik 40% en 53% geslaag het.

Meetkunde was as 'n geheel onbevredigend.

Aardrykskunde: Dorpskole was swakker as plaasskole. Daar was 'n verskil in die leerplan.

Rekene het in buiteskole aanmerklik verbeter. In die dorpskole het dit ongeveer dieselfde gebly. Daar was 'n verskil in die leerplanne.

Natuurkennis: Kandidate van buiteskole het besonder hoë punte behaal. Die vak het blykbaar in die smaak geval.

Beginsels van die Natuurwetenskap is in baie gevalle onderrig sonder dat die leerlinge ooit die werklike proewe gedoen het.

Die metode van eksaminering vir st. VI was nog soos voorheen, nl. dat 'n eksamenkomitee bestaande uit inspekteurs die vrae opgestel, en die antwoorde teen die einde van die jaar nagesien het, terwyl die mondelinge deel deur die dis-

1) Jaarverslag T.O.D. 1915, bl. 171.

triksinspekteur op sy besoek afgeneem word.

In 1918 is daar egter deur die departement 'n skema vir die eksamen aan 'n vergadering van inspekteurs en hoofde van hoër- en laerskole voorgelê.[1] Voordat hy die skema gegee het het, het die redakteur van The Transvaal Educational News geskryf:

> "In view of the changes in the constitution of the Universities of S.A. and the formation of a new Joint Board of Matriculation for the Union of S.A., the Director of Education agreed with the principals of the high schools that the time had come for a revision of the whole conception of the proper relation of examinations to school life.
> This question presses most heavily upon the high schools; as, with the Std. Vl examination at the beginning, the Matriculation at the end of their course and the Transvaal School Certificate in between they are in danger of complete domination from first to last by a system of written examinations.
> This development is especially distasteful at a time when the public mind has been roused by Mr. Edmond Holmes and others to the need of strengthening the internal life of schools against the evils of 'externalism'."

Die hooftrekke van die skema was

(1) om beter gebruik te maak van die professionele ondervinding van die inspekteurs om die standaard van leerlinge te beoordeel instede daarvan dat die inspekteurs massas skriftelike papiere moes nasien en punte tabuleer;

(2) om die oordeel van die onderwysers te benut deur hulle hul st.Vl-leerlinge in orde van verdienste te laat rangskik. Die inspekteurs moes dan die klas as 'n geheel beoordeel, asook die volgorde en die skeidslyn tussen die wat dadelik kon slaag en die wat nie kon nie;

(3) om die kandidate deur hulle eie onderwyser mondeling te laat eksamineer in teenwoordigheid en onder toesig van die inspekteur;

(4) om die skoolrekord van die leerlinge groter gewig te laat dra as voorheen;

(5) om die stelsel van puntetoekenning met syfers af te skaf.

Leerlinge bokant die skeidslyn moes van die skriftelike eksamens vrygestel word in sommige of in alle vakke. Later moe moes dit daartoe kom dat hele skole van die eksamen onthef word. Die ander leerlinge moes die gewone eksamen skryf, maar

1) The Tvl. Educl. News, 20 Feb. 1918, bl. 13

is net gemerk bevredigend, twyfelagtig, of onbevredigend. Die eersgenoemdes het geslaag, die laasgenoemdes het gedruip, terwyl die twyfelagtiges nog weer 'n mondelinge eksamen moes ondergaan.

Dat die stelsel ingevoer is, en hoe dit gewerk het, sal in die volgende hoofstuk aangetoon word.

(f) Algemene toestande, soos verder uit die verslae van die inspekteurs en die direkteur blyk, moet nog aangestip word. Dit verskaf 'n duidelike beeld van die steeds toenemende peil van ontwikkeling op onderwysgebied.

Aan die einde van 1911 kon die direkteur rapporteer[1] dat die peil van laer onderwys gedurende die vorige 18 maande stadig maar seker verbeter het. Wel was inspekteurs Ligertwood en Botha pessimisties hieromtrent, maar die ander inspekteurs nie. In die buitedistrikte het die groot meerderheid kinders skool verlaat sodra hulle die verpligte standerd deur was,[2] en dan kon hulle nog geen behoorlike brief in een van die twee tale skryf nie. Van begin tot end was dit 'n „radbraken". Geen wonder nie, daar die verpligte standerd destyds st. IV was.

In 1912 kon Adamson getuig van nog verdere styging in die onderwyspeil.[3] Die vooruitgang was noodwendig stadig, maar hy het dit nogtans bevredigend bevind dat daar wel soveel vordering was, en dit na slegs tien jaar van georganiseerde onderwys na die oorlog. Ook as lede van eksamenkommissies vir die laerskoolsertifikaateksamen het die inspekteurs vordering kon meld.[4] Die toetse was moeilik, ruim so moeilik as enige soortgelyke toetse wat in ander lande gestel is, en nogtans het 60% van die kandidate daarin geslaag. Daar was, volgens die verslag, gestadige vooruitgang t.o.v. netheid, beknoptheid en noukeurigheid.

Inspekteur White se bevinding was[5] dat in sy kring, d.i.

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 31.
2) Ibid., bl. 61 en 70.
3) Ibid., 1912, bl. 76.
4) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 77.
5) Ibid., bl. 254.

die Westelike kring, die onderwysers hulle te veel op die verstandelike ontwikkeling van hulle ... leerlinge toegelê het en te min op buiteskoolse aktiwiteite. So'n houding het, volgens sy mening, selfsugtigheid in die hand gewerk. Daar was slegs weinig wat skoolbiblioteke opgerig het of wat prente in die skool gehad het of wat spele of sang- of debatsverenigings of musiekkorpse in die lewe geroep het. Dit het, volgens White, die gees aangedui wat daar geheers het, 'n gees van selfsug en selfvoldaanheid. Die invoering van handearbeid en buitemuurse aktiwiteite, het hy gemeen, sou hierdie gees by die opkomende geslag uitroei. White het hier reeds die weg van die „nuwe" skool bewandel, soos dertig jaar later deur Fowlkes beskryf:[1] ,

> „The arts as well as the R's must be a part of the educational experience of each individual. Hands and hearts, as well as minds, should have a place in the development and training program. Music, drawing, physical education, student councils, debating and speaking experience are just as truly significant as are reading, writing, and arithmetic."

In 1913 het die direkteur weer van 'n verbetering melding gemaak,[2] veral as gevolg van die sentralisasiebeleid. Te veel leerlinge het egter nog die skool verlaat ná st.V wat toe die boonste grens van verpligting was,[3] en die Onderwysraad het aanbeveel om ook st. Vl verpligtend te maak.

In 1915 het die Rebellie die normale vordering tot 'n groot mate gestrem,[4] maar teen die einde van die jaar het die toestande weer normaal begin word. Ook buitengewone swaar reëns en strawwe koorsepidemies het tot die gedeeltelike ontwrigting bygedra.

Die verdere verhoging van verpligte skoolbesoek in 1916 het daartoe bygedra om die algemene peil te verhoog. Die het aantal st. Vl-kandidate (kyk tabel Vl bl.140) het in daardie jaar met 576 vermeerder, in die volgende jaar met 592, geweldige spronge, as gevolg van die invoering van verhoogde skoolplig deur steeds meer skoolrade. Die tabel gee 'n duidelike beeld

1) Fowlkes, John Guy: Planning Schools for Tomorrow, in Journal of Educl. Sociology, Sept. 1942, bl. 21.
2) Jaarverslag T.O.D. 1913, bl. 30
3) Tweede Verslag van die Onderwysraad, T.P. 4/1914, bl.8.
4) Volgens die verslag van Botha, Kloester, Stephen Listerwood e.a

van die vordering in hierdie opsig.

In 1917 het Adamson van 'n algemene verlange na onderwys bokant die laerskool melding gemaak.[1] Hyself het as ideaal gestel 'n tienjarige skoolloopbaan vir alle kinders, d.w.s. tot minstens twee jaar na st. VI. Sy ideaal is vandag tot 'n groot mate verwesenlik, maar dit het nog baie jare na 1917 geneem om sover te kom.

Die volgende tabel toon hoe die aantal laerskoolleerlinge jaarliks toegeneem het vanaf 1910 tot 1918:

Tabel VII. Aantal Leerlinge Ingeskryf in Transvaalse Laerskole, 1910 - 1918.[2]

| 1910 | 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | 1915 | 1916 | 1917 | 1918 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 47986 | 51734 | 55136 | 59944 | 64899 | 69564 | 78611 | 87156 | 94634 |

Die kwalifikasies van onderwysers het gedurende die jare 1911 tot 1918 nie veel verbeter nie[3]. In 1911 was 72.6% van die onderwysers in alle Transvaalse skole ten volle gesertifiseerd, en in 1918 was die persentasie 73.5. Wel was daar 'n groot verbetering in die jare 1914 en 1915, nl. 75 en 77% onderskeidelik, maar daarna het dit weer gedaal tot 73.6 in 1916.

Tabel VIII. Aantal Onderwysers in Alle Blanke Skole in die Transvaal, 1910 - 1918.[4]

| 1910 | 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | 1915 | 1916 | 1917 | 1918 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2068 | 2116 | 2265 | 2455 | 2574 | 2694 | 3022 | 3398 | 3666 |

1) Jaarverslag T.O.D. 1917, bl. 25.
2) Ibid. 1918, bl. 56.
3) Ibid., bl. 66.
4) Ontleen aan die verskillende Jaarverslae T.O.D.

## 3. MIDDELBARE ONDERWYS.

(a) Hoërskole en Middelbare Afdelings. In 1911 was daar 7 hoërskole en 20 skole met middelbare afdelings.[1] Geleidelik het die aantal hoërskole toegeneem sodat daar in 1914 reeds nege was en in 1915 tien. In 1918 is daar nog 10 nuwe hoërskole geopen[2] wat tevore middelbare afdelings was, sodat die aantal hoërskole toe 20 was. Hierdie verdubbeling van die aantal hoërskole het Adamson beskryf as ongetwyfeld een van die belangrikste besluite in die geskiedenis van die departement. Die verhogings was die gevolg van 'n besluit van die Uitvoerende Komitee dat 'n inskrywing van 75 leerlinge in die middelbare afdeling, insluitende st. VI-leerlinge, verhoging tot die graad van 'n hoërskool sou wettig. Adamson was van mening dat hierdie syfer te laag was, en dat 75 sonder st. VI beter sou gewees het.[3]

Die aantal middelbare afdelings het vanaf 1914 afgeneem. In 1914 was daar 21 en in 1915 nog 18. In 1918 was daar 11.[4]

Vanaf 1 Sep. 1911 is W.E.C. Clarke as inspekteur van middelbare skole aangestel.[5] Gedurende 1916 en 1917 kon hy nie die werk van inspeksie uitvoer nie as gevolg van oorlogsomstandighede.[6] Deurgaans het hy in sy verslae die verskynsel beklemtoon dat die werk en die gehalte van die middelbare afdelings benede die van die hoërskole was. In sy verslag oor 1912, die eerste jaar wat hy hom gedurende die hele jaar uitsluitlik op die inspeksie van middelbare werk toegelê; het hy gemeld[7] dat daar in die middelbare afdelings groot verskille bestaan het t.o.v. geboue, personeel en organisasie in die verskillende skole met middelbare afdelings. In sommige het die hoof byna uitsluitlik verantwoordelikheid vir die onderrig in die middelbare afdeling aanvaar en kon sodoende geen reg aan sy aanspreeklikheid vir die hele skool

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 23.
2) Ibid. 1918, bl. 21.
3) Ibid. 1918, bl. 21.
4) Ibid. 1918, bl. 83.
5) Prov. Kt. no. 70 van 1/9/1911, bl. 235, Adm. kennisg. no. 187.
6) Jaarverslag T.O.D. 1918, bl. 82.

laat geskied nie. In ander gevalle is verskillende onderwysers vir die middelbare afdelings verantwoordelik gehou, maar in feitlik geen geval kon spesialiteite in die verskillende vakke in diens wees soos die geval in die hoërskole was nie. Oor Engelse onderwys het hy niks goed te sê gehad nie. Wiskunde en natuurwetenskappe was beter as tale, maar nog nie op dieselfde peil as in die hoërskole nie.

Deurgaans is melding daarvan gemaak dat die leerlinge gemiddeld ouer vir hulle klas was as die in hoërskole. Die werk in die middelbare afdelings is grootliks bemoeilik deurdat daar soms so min kinders in die hoogste klas was.

As gevolg van die klein aantal leerlinge in die hoër klasse het die Onderwysraad reeds in 1911 die wenslikheid oorweeg[1] om in die Oostelike Transvaal die middelbare afdelings af te skaf en alle middelbare onderwys in 'n klein aantal goed toegeruste middelbare skole te konsentreer. Die Raad het aanbeveel dat Klasse 111 tot V so gesentraliseer moes word, terwyl st. VI en Vll aan die laerskole verbonde moes bly. Hierdie beginsel is ook deur die Uitvoerende Komitee aangeneem,[2] dog die uitvoering daarvan is voorlopig uitgestel omdat die ondervinding moes leer waar die middelbare afdelings nie tot groei sou geraak nie, en waar hulle tot hoërskole sou ontwikkel.[3]

In 1918 was daar dan ook reeds 3 hoërskole in die Oostelike ransvaal terwyl daar nog 5 middelbare afdelings bly voortbestaan het. Die publiek was trots op hulle middelbare afdelings en gekant teen die afskaffing daarvan.[4]

Die kwaliteit van die stedelike hoërskole, beoordeel volgens die persentasie leerlinge in die drie hoogste klasse, het tot ontsteltenis van Clarke aansienlik gedaal tussen die jare 1914 en 1918, terwyl die op die dorpe en die platteland redelik konstant gebly het.[5] Clarke het hierdie daling toe-

1) Jaarverslag T.O.D. 1911, Bylae 11, bl. 270-274, onderteken deur T.Y.I. Engelenburg en J.Robinson
2) Ibid., 1912, 231.[illegible]
3) Ibid. 1911, bl. 23.
4) Volgens Adamson, jaarverslag 1912, bl. 64[illegible]
5) Jaarverslag T.O.D. 1918, bl. 84

geskryf aan die feit dat leerlinge ná st. Vl tot die hoërskool toegelaat is, en baie dan te gou die skool verlaat het. Uit 954 leerlinge wat gedurende 3 jaar tot stedelike hoërskole toegelaat is na st. Vl was daar aan die einde van 1918 nog net 470 op skool —'n verlies van 51%[1]. Die persentasies weerspieël slegs die relatiewe stand, wat aan een van twee oorsake of aan albei te wyte kon gewees het: 'n afname in die hoër klasse of 'n toename in die laer klasse. Laasgenoemde was waarskynlik die belangrikste faktor as gevolg van die invoering van vry middelbare onderwys in 1914 en die verhoogde leerplig in 1916. Soos tevore aangetoon, het baie leerlinge waarskynlik die skool verlaat, nie onder ekonomiese druk nie, maar omdat die skoollewe nie by hulle natuurlike aanleg aangepas het nie, daar dit suiwer verstandelik van aard was en alle leerlinge nie noodwendig veel aanleg daarvoor het nie.[2]

Die vooruitgang van middelbare onderwys word in die volgende tabel aangetoon:

Tabel XI: Gemiddelde Inskrywing in Middelbare Skole en Afdeelings in die Transvaal 1911 tot 1918.

| 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | 1915 | 1916 | 1917 | 1918 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2486 | 2523 | 2566 | 2754 | 2740 | 2855 | 3299 | 3941 |

(b) Regulasies: In 1912 is die middelbare skoolkursus as volg gewysig:[3] Die kursus sou ná st. V begin en 5 jaar duur. Die 5 jaar sou uit 5 klasse bestaan as volg: Klas I (wat ooreengekom het met st. Vl van die laerskool), Klasse II, III, IV en V. Tot op hierdie punt was daar geen wesentlike afwyking van die regulasies van 1909 nie.

Oorplasing van leerlinge aan wie beurse toegeken is, sou as 'n reël na st. VI plaasvind.

Die leerplanne vir seuns en vir meisies was gedeeltelik

1) Jaarverslag T.O.D. 1918, bl. 85.
2) Vgl. Curti, M.: The Social Ideas of American Educators (Thorndike), bl. 471.
3) Prov. Kt. 6/9/12, bl. 112-121, Adm.-kennisg. No.212.

verskillend. In gemengde skole moes die leerplan vir seuns gevolg word, maar waar die personeel dit toegelaat het, moes voorsiening vir die verpligte vakke vir meisies gemaak word.

(1) Vir seuns: Verpligte vakke: Godsdiensonderwys, Engels, Hollands, 'n derde taal (Frans, Duits of Latyn), wiskunde, natuurwetenskap, geskiedenis, aardrykskunde, tekene, gimnastiek.

Nie-verpligte vakke: A. Latyn, Frans, Duits, Grieks.
B. Trigonometrie, toegepaste wiskunde, handearbeid.
C. Sang.

(2) Vir meisies: Verpligte vakke: soos vir seuns, behalwe dat wiskunde tot rekene beperk kon word, maar dan moes kookkuns en gesondheidsleer bygevoeg word. Skilderkuns kon by tekene geneem word. Naaldwerk en sang was verpligtend.

Nie-verpligte vakke: Algebra, meetkunde, tekene, kookkuns, die maak van kostuums.

'n Merkbare verbetering op die leergange van 1909[1] is die invoering van vakke soos handearbeid, sang, naaldwerk, kookkuns en tekene en die groter differensiasie van kursusse vir seuns en meisies.

Die leergange vir Klas IV (Skoolsertifikaateksamen) is ook aangegee. Die indeling van die werk oor die 4 jaar kon deur die hoof self gemaak word. Vir die vyfde klas moes die matrikulasie-leerplan gevolg word.

Alle leerlinge in Klas IV moes die Skoolsertifikaateksamen skryf. Leerlinge wat Klas V deurloop het kon aan een van die volgende eksamens deelneem: (i) Die Matrikulasie van die Kaapse Universiteit, (ii) die akademiese gedeelte van O.3, (iii) die hoërskoolsertifikaateksamen van die Kaapse Universiteit.

As 'n leerling geeneen hiervan wou neem nie, kon die direkteur aan hom 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar is dat hy die middelbare kursus met goeie gevolg deurloop het. Hiervoor kon die direkteur hom toets soos hy nodig geag het.

---

1) Kyk bl. 99.

Vir die Skoolsertifikaateksamen (Klas IV) kon die skoolverslag van die leerlinge in aanmerking geneem word. Hoofde moes sulke verslae t.o.v. die vordering van elke leerling in die verskillende vakke byhou en dit voorlê as daarom gevra is.

Die ooreenkoms hiervan met die regulasies van 1909 is duidelik merkbaar.

In 1914 is regulasies op aanbeveling van die Onderwysraad uitgevaardig[1] wat bepaal het dat oorplasing na hoërskole ná st. VI moes plaasvind, en dat die middelbare kursus daarna nog 5 jaar sou duur. In 1915 is hierdie reëling ingevoer. Die vyfde jaar sou geen na-matrikulasiewerk insluit soos onder die 1903-regulasies nie, maar die gewone leerstof sou geleideliker en stelselmatiger behandel word en die gematrikuleerde kandidate sou nie meer soos voorheen te vroeg ryp wees nie.[2]

Die term „te vroeg ryp" is m.i. 'n relatiewe term. Volgens gegewens[3] het die gemiddelde leeftyd van leerlinge in Klas V in middelbare afdelings in 1914 gevarieer vanaf 17 jaar (as twee jonger leerlinge buite berekening gelaat word) tot 21 jaar, en in hoërskole vanaf 17 jaar 3 maande tot 19 jaar 10 maande. Dit is te betwyfel of hierdie ouderdomme as te vroeg ryp deur baie bestempel sal word. Adamson self het verwag dat die ouers daar nie mee gediend sou wees om hulle kinders 'n ekstra jaar op skool te laat bly nie.[4] Die fout hiermee was dat dit alle leerlinge getref het. As dit slegs betrekking gehad het op diegene wat daarna 'n universiteit wou besoek, sou dit 'n aanbevelenswaardige maatreël gewees het, as die leerlinge werklik as „te vroeg ryp" beskou is.[5]

Die nuwe reëling het dan ook slegs 3 jaar in werking gebly want reeds vroeg in 1918 is daar opnuut bepaal[6] dat

---

1) Prov. Kt. no. 252 van 25/11/14, bl. 132. Adm. kennisg. no. 551.
2) Jaarverslag D.O.D. 1914, bl. 18.
3) Ibid., bl. 73 en 75.
4) Ibid,, bl. 19, en Ibid. 1915, bl. 15.
5) Keyter, J. de W.: Opvoeding en Onderwys, bl. 386.
6) Prov. Kt. no. 425 van 20/2/18, bl. 106, Adm. kennisg. no. 53.

die middelbare skoolkursus nà st. VI sou begin, en dan 4 jaar sou duur. Ander bepalings van die 1918-regulasies t.o.v. eksamens het slegs weer die van 1912 beklemtoon en geen veranderings ingehou nie.

Vry middelbare onderwys is ingevoer as gevolg van 'n besluit van die Provinsiale Raad geneem op 29 Julie 1914.[1] Die gevolg van die kwytskelding van skoolgelde was dat alle leerlinge wat bekwaam bevind is, d.w.s. wat in die toelatingseksamen (st.VI) geslaag het, tot hoërskole toegelaat kon word.[2] Geen kompetisie was nodig nie, aangesien daar nie 'n groter aantal kandidate was as waarvoor plekruimte beskikbaar was nie.

Tot 'n groot mate is dus gelyke geleenthede vir almal geskep t.o.v. middelbare onderwys, heeltemal in ooreenstemming met die demokratiese beginsel soos voorgestaan deur Dewey e.a.[3] Thomson sê:[4] „It is, I suppose, correct to say that Dewey's chief belief and incentive is his democracy, by which I mean his belief in equality of opportunity among mankind, fullest development of every individual ....... ."

In 1916 is daar 'n aaneenlopende leerplan opgestel vanaf st. I tot en met matrikulasie.[5] Voorheen was die leerplan vir laerskole wel in besonderhede uitgewerk, maar nie die vir hoërskole nie. Die rede hiervoor was dat die hoërskoolleerplan deur die matrikulasie-eksamen voorgeskryf was. Die nuwe gedetailleerde leerplan sou nou kontinuïteit en eenheid van die hele skoolkursus in die hand werk, en die gewaande skeidslyn na st. VI uitwis. Hoërskole sou nie deur gedetailleerde leerplanne aan bande gelê word nie - dit is juis wat matrikulasie steeds gedoen het - maar hulle sou die vryheid hê om onder sekere omstandighede van die neergelegde kursus af te wyk, as dit nodig geblyk het terwille van die bevordering van opvoedkundige doeltreffendheid.[6] 'n Mate van vryheid,

1) Ordonnansie no. 7 van 1914, Prov. Kt. no. 238 van 21/8/14, bl. 125, Adm. kennisg. No. 32.
2) Jaarverslag T.O.D. 1915, bl. 30.
3) Myers, Alfonso F. in Journal of Educl. Sociology, Sept. 1942, bl. 3.
4) Thomson, G.H.: A Modern Philosophy of Educ., bl. 81.
5) Jaarverslag T.O.D. 1916, bl. 24.
6) Ibid., bl. 26.

een van die kenmerke van die „nuwe" skool, is dus toegelaat.

<u>(c) Eksamens:</u>

(i) <u>Matrikulasie:</u> Dit was geen departementele eksamen nie, maar is in die begin deur die Kaapse universiteit afgeneem, en later deur die universiteite gesamentlik, as 'n toelatingseksamen tot die universiteitskursus.

Hoewel daar reeds in 1907 vir die onderrig van sekere vakke in Hollands in Transvaalse skole voorsiening gemaak is, het die Kaapse Universiteit neergelê dat al sy eksamens slegs deur medium Engels afgelê kon word. Dit het skole, wat graag anders sou wou gehandel het, gedwing om alle vereiste vakke vir die eksamen deur middel van Engels te onderrig. Hierin het verandering gekom toe die Universiteit bekend gemaak het dat sy eksamens vanaf 1911 in enigeen van die twee amptelike landstale afgelê kon word.

Geen verdere verandering t.o.v. die matrikulasie-eksamen het ingetree nie totdat in 1918 die Gemeenskaplike Matrikulasieraad ingestel is.[1] Dit was 'n belangrike voorwaartse stap, want nou vir die eerste keer het die middelbare skole verteenwoordiging verkry op daardie liggaam wat in so 'n groot mate hulle werksaamhede bepaal het. As die departement nog nie in staat was om die universiteitsowerhede te oorreed om sy eie eksamens as gelykwaardig met die van hulle te beskou nie, was die tweede beste „dat de stem van de onderwyzer gehoord wordt op de vergaderingen van de Gemeenschappelike Raad, en dat is verkregen."[1]

Op die Raad was die drie universiteite, nl. die van Kaapstad, van Stellenbosch en van Suid-Afrika, asook die 4 onderwysdepartemente van die provinsies, die Unie-onderwysdepartement en die middelbare skole verteenwoordig.[2] Laasgenoemde het 6 verteenwoordiges gehad uit 'n totaal van 23 lede (2 was uit die [illegible]).

'n Skema is ook uitgewerk waarvolgens die skoolverslag van 'n kandidaat in aanmerking geneem sou word alvorens die uitslag bepaal is.[1] Die uitwerking van hierdie reëlings is eers na

1) Jaarverslag T.O.D. 1918, bl. 17. Die Raad is ingestel ingevolge Wette nos. 12, 13 en 14 van 1916.
2) The Tvl. Educl. News. 26 Junie 1918, bl. 14.

1918 gevoel, en die stelsel sal in die volgende hoofstuk in meer besonderhede aangegee word.

'n Faktor wat seker tot die instelling van die Matrikulasieraad bygedra het, was die aanhoudende geskryf en gepraat van die kant van onderwysers. Veral moet hier vermeld word prof. dr. H. Reinink van die Transvaal wat in 1917 in verskeie artikels in Het Kristelik Schoolblad,[1] en op die Jaarvergadering van die Z.A. Akademie in 1917[2] in teenwoordigheid van die Minister van Onderwys die matrikulasie-eksamenstelsel skerp veroordeel het. Sy besware het in kort hierop neergekom:

1. Die vrae was te lank vir die drie uur. Sommige vraestelle kon die kandidate nie eers voltooi nie, veel minder rustig deurlees.

2. Daar was geen kontak tussen die eksaminatore onderling nie.

3. Die uitslag het uitsluitelik by die eksaminatore berus. Medeseggenskap van onderwysers is bepleit.

4. Die eksamens was alleen skriftelik. Volgens 'n paar uur se werk moes die eksaminator oordeel of 'n kandidaat 133 punte dan wel 143 of 123 uit die 300 werd was. Dit was onmoontlik, te meer daar die vrae nie die hele leerplan verteenwoordig het nie.

5. So 'n eksamen het 'n nadelige invloed op studie uitgeoefen.

Die Minister se antwoord was[2]:

> „Wy hebben in 't verleden veel geleden onder verkeerde eksamens. Eksamens moeten er zyn, als toets, doch moeten meer mondeling zyn, en de onderwyzers moeten erin gekend worden. Spreker verklaarde hoe de uitsluiting der onderwyzers gekomen is by de instelling van het matrick, toen de onderwyzers over 't algemeen van zodanig gehalte waren, dat men hen niet by 't eksamineren kon erkennen. Men kon 't niet aan hen toevertrouwen. Doch ons onderwyspersoneel is sedertdien zoveel beter geworden, dat men er nu over heeft te denken 't eksamen meer mondeling te doen worden, en de onderwyzers daarin te kennen."

Hy het selfs in die vooruitsig gestel dat die onderwysers tot die vernaamste eksaminatore verhef sou word.

Vanaf 1913 het daar ook enkele Transvaalse kandidate aan die Seniorsertifikaateksamen van die Universiteit deelgeneem.

---

1) 1 Feb. 1917, [illegible] en 1 Junie 1917 [illegible] 4.
2) Het Kristelik Schoolblad, 1 Okt. 1917, bl 2.

Die aantal geslaagde kandidate word in die volgende tabel gegee:

Tabel IX. Aantal Transvaalse Kandidate Geslaag in die Matrikulasie- en Seniorsertifikaateksamen, 1911 tot 1918.[1)]

| | 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | 1915 | 1916 | 1917 | 1918 | Feb. 1919. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Matrikulasie | 132 | 136 | 92 | 129 | 173 | 229 | 215 | 172+ | 37 |
| Seniorsert. | | | 8 | 6 | 14 | 23 | 19 | 7+ | 1 |

Dis moeilik om te verklaar waaraan die skielike daling in 1913 toe te skryf is. Moontlik bied die groter keuse van eksamens waaraan leerlinge kon deelneem, 'n uitleg. Die groter keuse het wel vroeër bestaan, maar miskien is die noodsaaklikheid van differensiëring toe eers beter besef. Die skielike styging in 1916 kan aan die invoering van vry middelbare onderwys in 1914 toegeskryf word, sowel as aan verhoogde leerplig, ingevoer in 1916.

(ii) Skoolsertifikaateksamen: Transvaalse skoliere het nie aan die Juniorsertifikaateksamen van die Universiteit deelgeneem nie,[2)] maar die Transvaalse onderwysdepartement het sy eie siftingseksamen vir Klas V gehad, nl. aan die einde van Klas IV, wat deur alle middelbare skoolleerlinge geskryf moes word. Hierdie eksamen is in 1903 reeds ingestel en deur alle volgende regulasies bekragtig. Vanaf 1909 is die leerlinge se klasverslag in aanmerking geneem, maar verder was dit nou, wat die skole betref, gedeeltelik 'n eksterne eksamen. Hierin het die nuwere regulasies ook geen verandering gebring nie.

By die Skoolsertifikaateksamen, soos by ander departementele eksamens, moes die Afrikaanse onderwysers dikwels aandring op 'n meer gelyke behandeling van Engels en Hollands. In 1916 het die redakteur van die Schoolblad bv. geskryf[3)]: „Er is by 't Transvaalse Departement van Onderwys ongetwyfeld een pryzenswaardig streven beide landstalen op gelyke voet te

1) Ontleen aan die onderskeie jaarverslae van die T.O.D. se naamlyste van geslaagde kandidate.
2) Jaarverslag T.O.D. 1918, bl. 17.
3) Het Kristelik Schoolblad, 1 Feb. 1916, bl. 5.

behandelen, om zodoende te voorkomen dat de ene kandidaat boven de andere bevoorrecht wordt." Tog het hy op groot verskille in die praktyk gewys, soos geblyk het uit die B- of laer eksamen in Engels en Hollands van die Skoolsertifikaat-eksamen in 1915. Ek gee hier net enkele vrae om die verskil in moeilikheid aan te toon. Engels B is meestal deur Afrikaanse kandidate en Hollands B deur Engelse kandidate geskryf.

**Hollands B.**

1. Maak een opstel van ongeveer 40 regels over <u>een</u> van de volgende onderwerpen:
   (a) Een verjaardag.
   (b) Een brand die ge gezien hebt.
   (c) Een voetbalwedstryd.
   (d) Een week op de boereplaats.

(Niks wat daarmee vergelyk kan word nie).

2. Ontbind in hoofd en byzinnen:
   De man, die daar woont, is myn oom.
   Ofschoon het laat is, moet ik nog uit.
   (en nog 4 ewe naklikes.)

**Engels B.**

1. Write an essay on one of the following subjects:
   (a) The prefect system in schools.
   (b) The child is father to the man.
   (c) Ambition.
   (d) How to make the best use of holidays.
2. What are the three main divisions of the history of English? What influence has Norman-French exercised upon the English language (a) as regards grammar; (b) as regards vocabulary?
3. Give a general analysis of the following passage:
   When the moat was dry, the assailants mounted with great courage; but they were received with a fire so heavy and so well-directed, that it soon damped the courage even of intoxication.

Vrae 1 tot 3 in Engels was verpligtend.

Op die 19de Algemene Vergadering is daar mosies aangeneem[1] wat o.a. op gelyke behandeling van die twee tale in alle departementele eksamens aangedring het. Hierop het die direkteur geantwoord[2] dat daar reeds volgens die beginsel gehandel is, en dat daar, sover hy geweet het, geen verskil was nie.

Die volgende tabel toon die aantal kandidate, geslaagdes ens., in die Skoolsertifikaateksamen vanaf 1911 tot 1918.

Tabel X: Aantal Kandidate en Geslaagdes in die Transvaalse Skoolsertifikaateksamen 1911 tot 1918.[3]

| | 1911 | 1912 | 1913 | 1914 | 1915 | 1916 | 1917 | 1918. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal Ingeskryf | 265 | 240 | 230 | 321 | 336 | 342 | 398 | 372 |
| Aantal Geslaag | 114 | 154 | 138 | 167 | 219 | 273 | 296 | 310 |
| % Geslaag | 43 | 64.2 | 60 | 51.4 | 65.1 | 79.8 | 74.3 | 83.3 |
| Aantal skole | 21 | - | - | 24 | 24 | 26 | 28 | 25 |
| % in Eng. geslaag | 97.4 | 96.3 | 89.6 | 89.1 | 93.4 | 97 | 92.7 | 99.4 |
| % in Hol. geslaag | 83.6 | 90.6 | 93.1 | 89.9 | 99.6 | 98.3 | 97.3 | 98.2 |

Dieselfde skommelings in die persentasie geslaagdes waarop die aandag op bl. 139 gevestig is, word ook hier waargeneem, en die eksamenvrae kan op dieselfde gronde veroordeel word.

## 4. Opleiding van Onderwys.

(a) Regulasies: Na die totstandkoming van Unie in 1910 is besluit dat die opleiding van onderwysers vir tweede- en vir derdeklas deur die provinsiale administrasie beheer sou word, terwyl die vir die eersteklas onder die Unie sou kom.[4]

Teen die einde van 1910 is volledige regulasies vir die opleiding van onderwysers gepubliseer[5] wat ook die eksamen vir O.1 ingesluit het.

In hierdie kennisgewing is bekend gemaak dat alle opleiding van onderwysers onder die onmiddellike beheer van die

1) Het Kristelik Schoolblad, 1 Mei 1916, bl. 10, no. 4.
2) Ibid., 1 Julie 1916, bl. 4.
3) Syfers ontleen aan Jaarverslae van die T.O.D. oor die verskillende jare.
4) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 3.
5) Prov. Kt. no. 30 van 19/12/10, bl. 321, e.v. Adm. Kennisg. no. 137.

Transvaalse onderwysdepartement sou staan. Die volgende kursusse is beskikbaar gestel:

(i) 'n Voorbereidingskursus vir O.3, vir toelating waartoe vereis is 'n standaard van algemene kennis gelykstaande aan st. VII van die laerskool.

(ii) 'n Algemene kursus vir O.3 waarvoor die Transvaalse skoolsertifikaateksamen (Klas IV) of 'n ekwiwalente eksamen vereis is.

(iii) 'n Professionele kursus vir O.3.

(iv) 'n Algemene en (v) 'n professionele kursus vir O.2.

Klasse kon deur die departement op enige plek ingestel word om diensdoende onderwysers in hulle opleiding te help. Die minimum-aantal om 'n klas te stig was 5 in die stede en 2 op die platteland. 'n Klas moes minstens een keer per week byeenkom en minstens 26 uur per kwartaal onderrig ontvang. Skoolgelde vir sulke klasse is vasgestel.

Lisensies kon aan onopgeleide onderwysers uitgereik word mits hulle minstens 17 jaar oud was en deur 'n inspekteur hiervoor aanbeveel is. 'n Provisionele O.3-sertifikaat kon deur die direkteur aan enige persoon bo 18 jaar uitgereik word as die direkteur van mening was dat hy sodanige algemene of professionele kwalifikasies besit het wat 'n provisionele O.3 regverdig het. Dit kon herroep word as hy hom nie daarop toegelê het om die nie-provisionele sertifikaat te verwerf nie.

As 'n persoon te oud was of deur ander omstandighede verhinder is om vir O.3 te studeer, kon die departement aan hom na 5 jaar bevredigende diens, waarvan 1 jaar in diens van die departement moes gewees het, 'n nie-provisionele O.3-sertifikaat uitreik, mits geen sodanige sertifikaat aan 'n onderwyser uitgereik sou word wat na 31 Desember 1908 by die dept. aangesluit het nie.

'n O.3-sertifikaat sou aan 'n onderwyser uitgereik word as hy (1) twee jaar bevredigende diens gehad het, of 6 maande diens en 1 jaar opleiding, (2) die kwalifiserende eksamen afgelê het, (3) minstens 18 jaar oud was op 31 Desember van die

jaar waarin die eksamen vir deel 2 geskryf is.

Die eksamen het uit 2 dele bestaan, 'n álgemene en 'n professionele deel. Die jaarrekord sou in aanmerking geneem word waar die opleiding aan 'n inrigting geskied het.

Die vereistes vir O.2 was (1) 2 jaar bevredigende diens of 1 jaar opleiding en 6 maande diens, (2) sukses in die kwalifiserende eksamen, en (3) die kandidaat moes minstens 20 jaar oud wees.

Die eksamen het ook bestaan uit 'n algemene deel, waarvan vrystelling verleen is op grond van die Intermediêre sertifikaat, en 'n professionele deel. Die studente wat nie O.3 besit het nie, moes al die vakke van O.3, deel 2, skryf. Kandidate sou ook in die praktyk van onderwys getoets word.

Die vereistes vir O.1. was 5 jaar bevredigende diens en 'n kwalifiserende eksamen. 'n Kandidaat moes minstens 25 jaar oud wees en O.2 besit het. Die eksamen was suiwer professioneel.

Volgens hierdie regulasies kon geen onderwyser dus O.2 behaal sonder O.3 vooraf af te gelê het nie, en niemand kon O.1 behaal sonder O.2 nie.

Hierdie regulasies het egter nie lank onveranderd gebly nie, want reeds in April 1911 is hulle as volg geamendeer:[1)]
Art. 6(a) Om tot 'n Normaalkollege toegelaat te word in 1912 en daaropvolgende jare, moes 'n kandidaat

(1) (i) òf matrikulasie afgelê het
(ii) òf deel 1 van die derdeklas onderwysersertifikaateksamen behaal het;

(2) tot bevrediging van die direkteur 'n proeftydperk van 6 maande as assistent in 'n gekose skool deurgemaak het;

(3) tot bevrediging van die direkteur 'n supplementêre ondersoek in sekere vakke soos lees, skryf en teken gepasseer het, soos van tyd tot tyd aangegee.

1) Prov. Kt. no. 47 van 21/4/11, bl. 71, Adm. Kennisg. no. 77.

Art. 6.(b) (1) Die tydperk van opleiding vir die derdeklas sertifikaat vir kandidate in 1912 en daarna toegelaat, sou 2 jaar wees.

(2) Vanaf die begin van 1912 sou 'n tydperk van nie minder as 18 maande nie deurgebring moet word met onderwys in goewermentskole tussen die kursusse vir O.3 en O.2.

(3) Die tydperk van opleiding vir die tweedeklas sertifikaat sou 6 maande wees vir kandidate in 1912 en daarna toegelaat.

In Junie 1911 is hierdie geamendeerde regulasies deur die departement gesirkuleer,[1] en in die 1911-jaarverslag is dit nog nader omskryf:[2] Alle studente moes nou die matrikulasie-sertifikaat besit waar voorheen meer as die helfte daarsonder toegelaat is. Elke student moes, alvorens tot die Normaalkollege toegelaat te word, 'n proeftydperk van 6 maande aan 'n skool deurmaak om hom sodoende enige ervaring van praktiese onderwysaangeleenthede te laat opdoen alvorens hy met die teorie in aanraking gekom het, en ook om diegene uit te sif wat daarna gevoel het dat hulle geen aanleg of roeping vir onderwyser gehad het nie. Waar die opleiding vir O.3 nou twee jaar sou duur, sou die ekstra tyd gebruik word, nie net vir beter professionele opleiding nie, maar ook vir die algemene ontwikkeling van die kandidate deur die hou van kursusse in taal en lettere, natuurkunde en natuurlike historie, tekene en musiek. Om O.2 te kan neem, moes enigeen eers O.3 besit en daarna 18 maande onderwys gegee het; waarna die O.2 kursus 6 maande sou duur. Die O.1-sertifikaat sou slegs na 'n eksamen toegeken word. Waar die twee laer sertifikate ook op grond van gelykwaardige sertifikate toegeken sou word, sou Adamson die hoër sertifikaat slegs na 'n suksesvol afgelegde eksamen toeken.[3] Dit is nie duidelik hoe Adamson O.1-sertifikate kon toeken na wat hy vroeër in dieselfde verslag beweer het nie[4] nl. „Alle

1) T.O.D. Sirkulere, 13 Junie 1911, bl. 53.
2) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 16-19.
3) Ibid., bl. 19.
4) Ibid., bl. 3.

zaken in verband met het Onderwyzerseksamen Eerste Klasse komen dadelik onder de Unie."

Die Unie-onderwysdepartement het daartoe oorgegaan om onderwysers vir die eersteklas aan universiteite op te lei sonder om rekening met die tweede- en derdeklas te hou.[1] Hoewel Adamson die beginsel dat die universiteite en universiteitskolleges die opleiding van onderwysers ter hand neem, goedgekeur het, het hy op die inkonsekwensie gewys dat 'n jong gegradueerde 'n eersteklas sertifikaat kon besit, terwyl sy ouer en meer ervare kollegas wat nie in die geleentheid was om 'n graad aan 'n universiteit te behaal nie, heeltemal uitgesluit was van die vooruitsig om ooit 'n eersteklas sertifikaat te behaal, al sou hulle hulle ook aan die strengste professionele eksamen wil onderwerp.[2] Hy het 'n wysiging voorgestel op so 'n wyse dat 'n graad nie 'n vereiste behoort te wees nie.

Volgens die Rissik-ordonnansie van 1911 kon die studente hulle medium van onderrig kies. Die uitslag was dat te Johannesburg alleen Engels gebruik is, terwyl te Pretoria daar vir 'n groot aantal vakke parallelklasse was en te Heidelberg sommige vakke in Engels en ander in Hollands doseer is sonder dat daar parallelklasse was.[3]

In 1914 is daar weer enkele wysigings in die regulasies vir die opleiding van onderwysers aangebring.[4] Die matrikulasiesertifikaat sou vrystelling verleen van die vakke vir deel 1 van O.3. Alle leerlinge in opleidingsinrigtings vir onderwysers was voortaan verplig om kursusse in bybelse geskiedenis, liggaamsoefeninge, en sulke ander vakke as wat die direkteur goedgevind het, te volg.

Die regulasies van 1910, soos gewysig in 1911 en weer in 1914, het van krag gebly tot in 1917, toe nuwe regulasies aangekondig is[5] wat vanaf die begin van 1918 in werking sou

1) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 49.
2) Ibid., bl. 50.
3) Prov. Kt. no. 240 van 4/9/14, bl. 161, Adm. kennisg. no. 422.
4) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 20.
5) Prov. Kt. no. 419 van 9/1/18, bl. 19, Adm. kennisg. no. 13.

tree. Twee belangrike wysigings was (a) dat die kursus vir O.3 nog twee jaar sou duur maar tot op een jaar verminder kon word vir onderwysers wat reeds vyf jaar bevredigende diens gelewer h het; (b) dat die besit van 'n O.3-sertifikaat nie meer 'n vereiste vir O.2 was nie. Die vereistes vir toelating tot die eerste deel van die O.2-kursus was O.3 met opleiding <u>of</u> O.3 en een jaar diens <u>of 5</u> jaar diens, en die vereistes vir toelating tot die tweede deel was die besit van deel 1 of 'n gelykstaande eksamen <u>of</u> O.3 geslaag in die eerste afdeling <u>of</u> die Intermediêre sertifikaat van die Kaapse Universiteit.

Kandidate wat voor 1918 reeds aan 'n eksamen deelgeneem het, kon tot verdere kennisgewing nog onder die ou regulasies skryf.[1)]

<u>(b) Eksamens.</u> Aan die eksamens waarvoor in die regulasies voorsiening gemaak is, het jaarliks sowel diensdoende onderwysers as studente van Normaalkolleges deelgeneem. Daar was gewoonlik enkele goeie eksaminandi, dog by die deurlees van die verslae van die eksaminatore word 'n mens getref deur die lae gehalte van die gelewerde werk van die aspirant- of diensdoende onderwysers. Die eksaminatore het telkens daarop gewys dat 'n goeie aantal kandidate so ver benede peil was dat hulle onbevoegd was om aan laerskoolleerlinge onderrig te gee. Hierdie opmerkings geld vir O.2 sowel as vir O.3.

'n Ontleding van die verslae vir die jaar 1918[2)] toon dat daar volgens die mening van die eksaminatore geen werklike vooruitgang plaasgevind het gedurende hierdie jare nie.

<u>(c) Algemene Toestande:</u> Die Normaalkolleges het talle nuwe onderwysers(-esse) gelewer, maar nie genoeg vir die [illegible] behoeftes van die steeds groeiende onderwysstelsel nie.[3)]

Aan die einde van 1910 het die kolleges 144 onderwysers gelewer wat dadelik geplaas kon word.[4)] In 1913 het die kolleges slegs 92 nuwe onderwysers gelewer. Die invoering van die tweejarige opleidingskursus vir O.3 na 'n proeftydperk van 6 maande

1) Prov. Kt. van 2/10/18, bl. 211, Adm.-kennisg. no 312.
2) Jaarverslag T.O.D. 1918, bl. 188-213.
3) Ibid., 1911, bl. 19.
4) Ibid., bl. 21.

het nie net die produksie tydelik verminder nie, maar ook baie voornemende kandidate afgeskrik.[1] Van die 566 nuwe onderwysers wat in 1913 in diens geneem is, het 106 nie eers matriek gehad nie, 350 was onopgelei, 256 was ongesertifiseerd en 256 het minder as 'n jaar ervaring gehad. Die toestand was eerder slegter as die vorige jaar.[2]

Die tekort aan onderwysers is oral gevoel, maar dit was veral akuut op die platteland.[3] As redes hiervoor het die Onderwysraad die groter aantrekkingskrag van dorpe en stede genoem, MAAR ook die feit dat op die platteland tweetaligheid 'n vereiste was terwyl „the teacher who has a knowledge of both English and Dutch is the teacher who is rarest."

In 1914 het die hoofde van die Johannesburgse en Heidelbergse Normaalkolleges gekla oor die klein aantal studente. Dit was veral aan die verlengde kursus te wyte, volgens Dönges.[4]

In 1915 het slegs 17% van die 503 nuwe onderwysers(esse) van die Transvaalse Normaalkolleges gekom. Heidelberg en Johannesburg het respektiewelik slegs 41 en 39 studente gehad i.p.v. 65 elk soos in die begroting voorsien is. Saam met die 74 te Pretoria was daar 'n totaal van 154 studente.[5] In 1916 het die totaal aangegroei tot 202 en in 1917 tot 248. In 1918 kon Adamson die hoogs bevredigende feit vermeld[6] „dat applikanten voor toelating tot de drie opgerichte Normaalscholen nu in grotere getallen dan ooit te voren opdagen." Daar dien onthou te word dat die regulasies in 1918 weer gewysig is.

In 1918 is daar nog twee nuwe opleidingsentra geopen, nl. te Potchefstroom en te Ermelo.[7] Hulle was eintlik sentra vir die preliminêre opleiding van onderwysers, en sou kandidate toelaat wat om geldelike redes nie die matrikulasiekursus aan 'n middelbare skool kon voltooi om daarna nog twee jaar aan 'n gewone Normaalkollege deur te bring nie. Die bedoeling was,

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1913, bl. 25.
2) Ibid., 1914, bl. 66 en 67.
3) Eerste Verslag van die Onderwysraad. T.P. 7/1913, bl. 6.
4) Jaarverslag T.O.D. 1915, bl. 29.
5) Syfers ontleen aan die verskillende jaarverslae.
6) Jaarverslag T.O.D. 1918, bl. 40.
7) Ibid., bl. 38

volgens Adamson[1] egter nie om 'n laer graad onderwyser op te lei nie. Die skema was 'n wysiging van die kwekelingstelsel maar sonder die besware daaraan verbonde. Leerlinge wat selfs net st. VII deur was, sou toegelaat word, en hulle sou twee jaar of langer 'n preliminêre opleiding ondergaan totdat hulle gereed was om met die O.3-kursus te begin, waarna die skole dan Normaalskole sou word. Voorasnog was die skole feitlik niks anders as hoërskole nie, met die verskil dat die leerlinge 6 maande per jaar in die sentrum onderrig ontvang het en 6 maande aan skole verbonde was waar hulle hulp moes verleen en lesse waarneem. Hierdie sentra is opgerig bywyse van proefneming, en die stelsel kon maklik gewysig word. Die vordering wat gemaak is, word in die volgende hoofstuk behandel.

Sommige Transvaalse aspirant-onderwysers het ook hulle toevlug tot ander provinsies geneem vir opleiding. In 1914 is daar, na baie konferensies en vergaderings i.v.m. C.N.O., 'n Christelike Normaalskool te Steynsburg, K.P., geopen.[2] In die Kerkblad van 1 Aug. 1913 is die oprigting van hierdie skool aangekondig, en is daar geadverteer dat die skool onderwysers vir die derde- en tweedeklas sertifikate sou oplei. „Baie studente, ook uit die Transvaal, het in hierdie inrigting vir die opleiding tot Christelike onderwysers hul opleiding ontvang," sê Coetzee.

5. NATURELLE - ONDERWYS

(a) Algemene vooruitgang. Die toename in getalle kan die beste deur middel van 'n tabel verduidelik word. (Kyk tabel XII op bl. 165.)

Een of twee sake in die tabel verdien die aandag. In die 1911- en 1912-verslae is nie vermeld hoeveel onderwysers gesertifiseerd was nie. Die toename in die aantal gesertifiseerde onderwysers was te verwag, maar as die aantal studente wat jaarliks die opleidingsinrigtings besoek het, in oënskou geneem word, is die toename uiters langsaam. Waaraan die vermindering

1) Jaarverslag T.O.D. 1918, bl. 39.
2) Coetzee, J.C.: Die Geref. Beginsel en die Onderwys in die Tvl., bl. 40.

in 1916 (van 106 na 90) toegeskryf moet word, is nie duidelik nie.

Tabel XII. Vooruitgang van Naturelle-onderwys in die Transvaal 1911 tot 1918.[1]

| Jaar | Aantal Onder-steunde Skole. | Aantal Leer-linge | Aantal oplei-dings-inrig-tings. | Aan-tal Stu-dente | Aantal Onder-wysers | Aantal Onder-wysers Geserti-fiseer. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1911 | 227 | 13,367 | 4 | 236 | 435 | |
| 1912 | 251 | 14,741 | 4 | 237 | 462 | |
| 1913 | 253 | 15,618 | 4 | 260 | 451 | 34 |
| 1914 | 260 | 15,459 | 4 | 242 | 499 | 65 |
| 1915 | 267 | 15,906 | 4 | 257 | 548 | 106 |
| 1916 | 298 | 19,863 | 3 | 247 | 624 | 90 |
| 1917 | 330 | 21,421 | 3 | 253 | 615 | 96 |
| 1918 | 335 | 22,509 | 3 | 290 | 745 | 158 |

In 1911 en volgende jare tot 1915 was daar 4 opleidingsinrigtings, nl. die te Bothsabelo onder die Berlynse Sending, die te Kilnerton onder die Wesleyaanse Sending, die te Lemana onder die Switserse Sending en die te Pietersburg onder die Sending van die Engelse Kerk.[2] In 1916 is die te Bothsabelo gesluit omdat die vrees bestaan het dat die Duitse Sending ondermynende propaganda onder die naturelle kon versprei. Die studente is na Kilnerton oorgeplaas, en die skole is onder toesig van amptenare van die dept. van Naturellesake geplaas.[3]

Die geweldige toename in die aantal onderwysers in 1918, 'n vermeerdering van 130, staan hoegenaamd nie in verhouding tot die toename in die aantal leerlinge nie. Waaraan dit te wyte is, word nie in die jaarverslae verklaar nie.

Afgesien van die opleiding van onderwysers in die inrigtings, is daar jaarliks vakansiekursusse deur die departement gereël

1) Syfers ontleen aan die verskillende Jaarverslae van die T.O.D.
2) Jaarverslag T.O.D. 1918, bl. 46.
3) Ibid., 1916, bl. 61.

waartoe nie slegs onopgeleide onderwysers aangemoedig is om te gaan nie, maar ook opgeleides, omdat die ondervinding bewys het dat die lg. baie gou agteruitgegaan het nadat hulle die inrigtings verlaat het.[1] Nadat die nuwe leerplanne wat hieronder nader omskryf word, in 1915 ingevoer is, is daar in 1916 vakansiekursusse te Kilnerton en te Pietersburg, gehou en nuwe vakke, nuwe beginsels en nuwe metodes is ten volle verduidelik en geïllustreer.[2]

(b) <u>Die peil van die werk</u> wat in die skole gedoen is, het grootliks verskil van skool tot skool. Die skole wat direk onder die toesig van die sendelinge gestaan het en die waar opgeleide onderwysers opgetree het, het soms selfs loflike resultate behaal,[3] terwyl daar waar onopgeleide onderwysers in afgeleë skole onderwys gegee het, die peil hopeloos swak was. Ten opsigte hiervan het alle inspeksieverslae elke jaar ooreengekom. In alle skole was die werk egter te werktuiglik van aard en het die leerlinge nie leer dink nie.[4] De Vos het bv. gerapporteer[5] dat die leerlinge in die meeste skole masjinaal korrek kon reken maar die eenvoudigste som nie kon oplos nie. Dit was dan ook oral die geval waar opgeleide onderwysers aan die werk was. In 1916 moes de Vos (Noordelike kring met 69 skole en 4048 leerlinge) rapporteer[6] dat die skoolwerk feitlik net geheuewerk was en dat baie weinig werklike kennis opgedoen is, sodat die leerlinge, as hulle die skool 'n tydlank nie kon besoek nie, alles vergeet en verleer het.

(c) <u>Industriële onderrig</u> wat steeds deur die direkteur en die inspekteurs as die noodsaaklikste deel van die leerplan vir naturelleskole beskou is, kon maar nie tot sy reg kom nie. Jaarliks het dieselfde klagte in alle inspeksieverslae voorgekom.[7] Slegs hier en daar is 'n geringe verbetering vermeld. Naaldwerkonderrig is wel in sommige skole gegee, asook die

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1912, bl. 37; 1914, bl. 98 en 105; 1916, bl. 61.
2) Ibid. 1916, bl. 61.
3) Ibid. 1912, bl. 237, verslag van Mills, Noordelike kring.
4) Ibid. 1912, bl. 237; 1914, bl. 98 en 118; 1915, bl. 149; e.a.
5) Ibid. 1914, bl. 98.
6) Ibid. 1916, bl. 122.
7) Ibid. 1911, bl. 93; 1913, bl. 98; 1914, bl. 118; 1915, bl.128; 1917, bl. 135; 1918, bl. 125, 133, 143, ens.

maak van matte en mandjies. Tuinbou was nog 'n uiterste seldsaamheid, Selfs na die invoering van die nuwe leerplan waarin voorsioning vir uitgebreide industriële opleiding gemaak is, maar wat voorlopig nog nie ten volle ingevoer kon word nie weëns gebrek aan fondse,[1] moes die inspekteurs kla dat hierdie soort onderrig verwaarloos is. De Vos het gevind[2] dat handearbeid onpopulêr was en dat allerlei verontskuldigings aangevoer is vir die verwaarlosing daarvan. Nogtans was daar in twintig van sy skole spesiale naaldwerkonderwyseresse, en op sommige van die groter sentra is daar ook onderrig in algemene huiswerk en kookkuns gegee.

In 1917 kon J.L. Moordyk, N.W. kring, as volg rapporteer i.v.m. die 48 skole in sy area:[3]

> „De resultaten van 't onderwys zyn, vooral wat 't werktuigelik deel betreft, vaak hoogst bevredigend. Aan 't industriële werk wordt zeer veel zorg besteed: Stenen worden gevormd, muren opgetrokken, daken met gras gedekt, paden aangelegd, draden gespannen, kleipotten gevormd, hoeden en matten gevlochten, riemen gebreid, bomen en bloemen geplant schoolgebouwen hersteld. In sommige scholen wordt aandacht geschonken aan naaldwerk, wassen en stryken, kamers in orde maken en dergelike verrichtingen, die de inboorling tot een nuttig wezen in onze zuidafrikaanse samenleving kunnen maken."

Die laaste sinsnede van Moordyk openbaar reeds die nuwe sosiologiese en demokratiese beginsels wat oral opgang begin maak het.

<u>(d) Geboue en uitrusting</u> het grootliks verskil van skool tot skool. Op enkele plekke was daar goeie geboue - beter selfs as sommige plaasskole vir blankes, maar oor die algemeen was dit uiters swak en ondoeltreffend, veral t.o.v. beligting en ventilasie. Die mure was laag en die vensters, as daar was, was te klein. Nogtans is die geboue en die gronde oor die algemeen skoon en ordelik gehou, selfs angsvallig netjies. Die uitrusting was in enkele skole voldoende en doeltreffend; in ander moes die leerlinge op die vloer sit, en die swartbord en tafel was tuis gemaak.

<u>(e) Die nuwe leerplan</u> waarvan hierbo reeds melding gemaak is, is opgestel na 'n grondige ondersoek na, en aanbevelings

1) Jaarverslag T.O.D. 1916, bl. 60.
2) Ibid. 1917, bl. 135.
3) Ibid. bl. 164.

i.v.m. naturelle-onderwys deur die Onderwysraad. Die aanbevelings is vervat in die derde verslag van die Onderwysraad.[1] Die volgende uittreksel uit die derde verslag, aangehaal deur die direkteur, gee die hoofrigtings van die hervorming van die leerplan aan:

„De naturel zal nog een ekstra jaar onderricht krygen waar de gelegenheid er toe bestaat, zyn eigen taal zal erkend worden als het eerste medium van onderwys, die beginselen van de schoolvakken die hy verwerken en aanwenden kan, zullen onderwezen worden, terwyl de gehele inrichting zal berusten op een vrygevig stelsel van opvoeding dat ten doel heeft 'n gezond, zedelik en vlytig lid van de maatschappy te vormen. Om dat doel te bereiken moet van Regeringswege ruime mate van hulp verleend worden, en wat even nodig, zo niet nodiger is, de onderwyzers en superintendenten die voor het naturelle-onderwys verantwoordelik zyn, moeten een ruime opvatting hebben, opdat het verband tussen opvoeding en onderwys, waarvan het herziene Leerplan getuigt, een levende werklikheid in de scholen mag zyn."[1]

Hierdie aanhaling klink byna of dit uit Dewey oorgeneem is, veral as die doelstelling aangegee word as „'n gezond, zedelik en vlytig lid van de maatschappy," en die klem gelê word op die aanpassing van die skool by die omgewing en volksaard van die Naturel. Dat die onderwysers die ideaal nog nie so ingesien het nie, is nie bevreemdend nie as ons vandag nog 'n blik werp op die werk in baie blanke skole in ons land, en selfs op die werk in die so geroemde skole in Amerika waarvan Miller in 1942 nog geskryf het:[2]

„Our present educational set-up puts a premium on the passive, receptive type of individual. Those who learn lessons and hand them back to the instructors in the most verbatim fashion usually receive the greater reward. .... However, the schools of tomorrow will provide for doers ...... ."

Dit is byna tragies om hierteenoor te hoor wat 'n skrywer byna twintig jaar vroeër geskryf het:[3]

„Yesterday school still meant the subservience of intelligence to intellect, and of intellect to mere hack work: yesterday was the triumph of verbalism, the reign of fixed programmes, rigid methods and ne varietur time-tables. Tomorrow ...... will be a complete liberation from arbitrary tradition, useless and harmful as it is: there will be pleasure in work: there will be the bursting forth of self-activity, curiosity, interest, the need to act, create, and produce." In 1942 was daardie „tomorrow" nog byna net so ver in die verskiet as in 1923.

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1915, bl. 41.
2) Miller, Frank B.: Direction in Education, in Educl. Administration and Supervision, Feb. 1942, bl. 124.
3) Ferrière, Adolphe in The New Era, Okt. 1923, bl. 219.

Om voorsiening vir die uitgebreide industriële, dw.s. handearbeid-onderrig van die nuwe leerplan te maak, moes meer geld deur die Provinsiale Raad beskikbaar gestel word, maar daar dit in 1918 nog nie gedaan is nie, kon die nuwe skema in die tydperk onder behandeling nog nie tot sy reg kom nie. Ook was die onderwysers, soos reeds aangetoon, nie gretig om handewerk in te voer nie.[1] Selfs wat die ander vakke betref, moes Visscher (westelike sentrale kring) in 1918 nog vermeld[2] dat die onderwysers nog nie op hoogte met die nuwe leerplan was nie, „en volgen veelal de oude sleur."

(f) Die inspeksie van naturelleskole was nog steeds, soos uit bogaande geblyk het, in die hande van die distriks-inspekteurs, terwyl W.E.C. Clarke, inspekteur van middelbare skole en afdelings, die opleidingsinrigtings moes inspekteer.[3] In die 1917-verslag het Adamson die vraag behandel of daar nie afsonderlike inspekteurs vir naturelle-onderwys aangestel moes word nie. Die probleem van naturelle-onderwys het sy eie besondere moeilikhede opgelewer, en persone wat spesiaal daarvoor opgelei was, veral wat die naturelletale betref, sou beter werk kan verrig. Die moeilikheid, van die kant van die inspekteurs gesien, word weerspieël in die woorde van J.P. Botha, inspekteur in die oostelike kring:[4] „Die skole bly 'n doring in my vlees, want ik voel dat ik altyd in so 'n skool onbeslaan op die ys moet verskyn." Veral was dit 'n onbegonne taak, en moes blanke skole daaronder ly, as 'n inspekteur soos A.J. de Vos 69 naturelleskole met 4048 leerlinge gehad het, elkeen van wie indiwidueel geïnspekteer moes word.[5] Adamson het egter beloof dat die hele aangeleentheid spoedig deur die Uitvoerende Komitee oorweeg sou word.[3]

## 6. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

(a) Samevatting. Gedurende die tydperk wat in hierdie hoofstuk behandel word was daar op meer as een gebied werklike

1) Jaarverslag T.O.D. 1917, bl. 78; 1918, bl. 125.
2) Ibid. 1918, bl. 165.
3) Ibid. 1917, bl. 79.
4) Ibid. 1918, bl. 112.
5) Ibid. 1916, bl. 122.

vooruitgang.

Die taalvraagstuk wat sedert die onderwerping van die Transvaal deur die Engelse 'n brandende was, en wat in 1907 deur die Smutswet ten dele opgelos is, tot so 'n mate selfs dat die voorstanders van die C.N.O.-beweging bereid was om hulle skole aan die regering oor te dra, is in 1911 finaal opgelos in die wetboek deur die Rissik-ordonnansie wat aan albei tale gelyke regte in die skole toegeken het in ooreenstemming met artikel 137 van die Unie-grondwet. Daarna was dit 'n saak van die verowering van sy regmatige plek vir Hollands ook in die praktyk. Die resultate het nie uitgebly nie.

Nouliks was Hollands as gelykgeregtigde taal in die skole en in die algemene samelewing erken, of in 1912 is daar 'n agitasie op tou gesit om Afrikaans as voertaal en as taal in die Transvaalse skole in te voer. Hierdie agitasie is veral gelei deur die V.V.O.O.Z.A. Die stryd het in hierdie opsig eintlik gegaan tussen Afrikaans en Hollands, daar die stryd teen die oorheersing van die Engelse taal in beginsel reeds gewonne was. Geleidelik het Afrikaans as voertaal tot sy reg gekom, en in 1918 is dit ook reeds as 'n vak van onderrig in die laagste klasse van die laerskool ingevoer.

Dit is deur die Rissik-ordonnansie aan die ouers oorgelaat om die medium van onderrig vir hulle kinders te kies. Die uitslag was dat byna 77% van alle Transvaalse leerlinge in 1918 in enkelmediumskole was.

Ook i.v.m. die leerplanne was daar duidelike vooruitgang. Alle belanghebbendes het gekla dat die leerplanne, veral die van die laerskool, te oorlaai was met leerstof. Reeds vroeg in 1911 is 'n vereenvoudigde leerplan ingevoer wat bedoel was om die besware uit die weg te ruim. 'n Verdere stap vooruit was die invoering van gedifferensieërde leerplanne vir dorp- en plaasskole in 1913. Die leerplan vir die lg. was bedoel om by die landelike omgewing van die kind aan te pas. Ook is die groepstelsel ingevoer, wat die werk van die kleiner skole aanmerklik verlig het en dit doeltreffender gemaak het.

Op watter stadium leerlinge van die laer- na die hoër-skool oorgeplaas moes word, was geen maklike taak om uit te maak nie. Die direkteur was konsekwent van mening dat oorplasing na st. V moes geskied, maar praktiese moeilikhede het hierdie beleid onmoontlik gemaak, sodat oorplasing in 1918 nog na st. VI plaasgevind het.

'n Tweede proefneming om die hele skoolkursus met een jaar te verleng deur die hoërskoolkursus vyf jaar te laat duur na st. VI het weer misluk, en in 1918 is die kursus tot op 4 jaar teruggebring. Die eerste proefneming was die van Fabian Ware in 1903,[1] wat in swang gebly het tot in 1909.

Die aantal inspekteurs het steeds toegeneem om met die groeiende onderwysstelsel tred te hou, dog hulle het nog steeds hulle hande te vol gehad, veral as gevolg van die metode van individuele eksaminering en klassifikasie van alle leerlinge, om veel te doen aan hulle eintlike werk nl. om as raadgewers op te tree en opbouende werk te verrig. Die invoering van motorvervoer in 1913 het hierin verligting gebring, dog nog nie in so 'n mate dat hoofdelike inspeksie met algemene inspeksie en raadgewing gepaard kon gaan en van albei 'n sukses gemaak kon word nie.

Hoewel hoofdelike eksaminering nog die algemene prosedure was gedurende hierdie periode, het daar, veral teen die einde van die tydperk, alhoemeer 'n geroep onder die inspekteurs opgegaan vir die afskaffing daarvan en vir die oordrag van die bevordering van leerlinge in die hande van die onderwysers. Dat die tyd nou eers ryp geag is hiervoor, is bevreemdend, aangesien die peil van die onderwyspersoneel in 1918 nie aansienlik beter was as in 1911 nie. In 1911 was 72.6% van die onderwysers ten volle gesertifiseerd teenoor 73.5% in 1918.[2] Waarskynlik is daar 'n kentering waargeneem in die publieke opinie wat voorheen steeds geëis het dat promosie deur inspekteurs moes plaasvind.

In 1911 nog was daar 'n menigte eksamens, veral in die

1) Kyk bl. 62 supra.
2) Kyk bl. 146 supra.

laerskool. Daar was eksamens aan die einde van st. IV, V, VI en VII, en dan het die direkteur nog 'n eksamen oorweeg aan die einde van st. I. Van lg. het gelukkig niks gekom nie, en gaandeweg is ook die ander eksamens verminder. Van die na st. IV is daar geen verdere melding nie. Toe oorplasing na die hoërskool na afloop van st. VI geskied het, is die st. V-eksamen grotendeels afgeskaf, terwyl ook die st. VII- eksamen afgeskaf is toe die laerskoolkursus met st. VI afgesluit is. Aan die einde van die tydperk was daar dus net die openbare st. VI-eksamen in die laerskool en die skoolsertifikaateksamen (na vorm IV) en die matrikulasie- of die skooleindeksamen (na vorm V) in die hoërskool.

Die eksamens het nog steeds 'n belangrike rol in die skoollewe gespeel, tot so 'n mate dat dit, soos maar steeds die geval is, die skoolwerk beïnvloed het, soms ten goede maar meestal ten kwade, omdat dit die aanwending van eksamendril en eksamenkunsies aangemoedig het, en 'n breër opvoeding belemmer het. Die eksamenspook het steeds dreigend sy teenwoordigheid in die skoolwerk laat geld.

Behalwe i.v.m. die bogemelde sake, was daar groot vordering wat getalle betref. Nieteenstaande die groot oorlogsuitgawes van 1914 tot 1918, kon steeds groter bedrae aan die onderwys bestee word, sodat die aantal skole, leerlinge, onderwysers en inspekteurs steeds vermeerder het. Dit word duidelik aangetoon op bl. 146 . Ook die aantal hoërskole het toegeneem, veral nadat skoolgelde vir middelbare onderwys in 1914 afgeskaf is, terwyl die aantal middelbare afdelings, waar nog steeds werk van 'n mindere gehalte gedoen is, afgeneem het. Met die verhoging van 10 middelbare afdelings tot nuwe hoërskole in 1918 is die klimaks van hierdie tydperk bereik, en is 'n nuwe beleid vir die toekoms ingelui, soos uit die volgende hoofstuk sal blyk. Die aanstelling van W.E.C.Clarke in 1911 as inspekteur van middelbare onderwys was 'n prysenswaardige stap.

Toen die matrikulasie-eksamen is daar heftig te velde

getrek, veral in die jaar 1917, met die gevolg dat 'n gemeenskaplike Matrikulasieraad in 1918 in die lewe geroep is, waarop ook hoërskoolonderwysers verteenwoordig was. Die invoering van 'n skema waarvolgens die kandidaat se jaarverslag in aanmerking geneem is, het verder daartoe bygedra om die besware uit die weg te ruim.

In 1911 is die tydperk van opleiding van onderwysers met 'n jaar verleng, terwyl die toelatingskwalifikasies verhoog is. 'n Beter toegeruste onderwyserskorps is hiermee beoog, maar die praktiese gevolg was dat minder kandidate hulle aangemeld het. Tot so 'n mate het die aantal studente ingekrimp dat die opleidingskursus weer ingekort moes word. Nog twee sentra vir die opleiding van onderwysers is in 1918 te Ermelo en te Potchefstroom geopen. Aanvanklik was hulle slegs voorbereidende sentra, en niks meer as hoërskole nie, vir diegene wat nie in staat was om matrikulasie af te lê en daarna die gewone opleidingskursus te volg nie.

Te oordeel na die eksamenverslae van die eksaminatore vir die onderwysersеksamens was die peil van die kandidate se kennis alles behalwe bevredigend, en dikwels is hulle bevoegdheid om hulle vakke te gaan doseer, selfs aan laerskoolleerlinge, in twyfel getrek. Selfs in 1918 was die posisie in hierdie verband nie juis beter as aan die begin van die tydperk nie.

Die onderwys aan naturelle het met rasse skrede toegeneem. Die aantal skole het gedurende die jare 1911 tot 1918 met byna 50% toegeneem, die aantal leerlinge met 68% en die aantal onderwysers met 71%. Vanaf 1913 tot 1918 het die aantal gesertifiseerde onderwysers vermeerder van 34 tot 158, d.w.s. met nie minder as 365% nie. In vergelyking met die aantal studente aan die opleidingsinrigtings (ongeveer 1000 moes deur die inrigting gegaan het) was die aantal gesertifiseerde onderwysers in 1918 nog besonder laag.

Die invoering van nuwe leerplanne wat beter by die aard

van die naturel sou aanpas, was 'n goeie stap, maar kon weens gebrek aan geldmiddele nie volledig ingevoer word nie, en het vooraanog nie die verwagte resultate kon lewer nie. Nogtans is daar op byna alle gebiede vordering en verbetering deur die inspekteurs gerapporteer. Die direkteur het in die vooruitsig gestel dat spesiale inspekteurs vir naturelleskole aangestel sou word, manne wat die naturelletale magtig was en wat andersins spesiaal vir die werk bevoegd was.

(b) Gevolgtrekkings. Hierdie hoofstuk het enkele feite aan die lig gebring waarby verder stilgestaan moet word.

Die verengelsingsbeleid wat reeds vanaf 1900 stelselmatig in die skole toegepas is, het op net so 'n mislukking uitgeloop as die van Somerset en ander Engelse goewerneurs aan die Kaap 'n eeu tevore. Nie net het Hollands sy plek in die skole verower langs Engels nie, maar die invoering van Afrikaans was 'n gebeurtenis wat die Afrikaners opnuut tot 'n besef van hulle identiteit laat geraak het, tot so 'n mate dat hulle met niks minder as met die volste erkenning van hulle regte en met die uitlewing daarvan tevrede was nie. Die volle ontwikkeling het egter eers in die volgende jare gekom, maar die grondslag is in hierdie tydperk gelê. Die snelle opgang van die enkelmediumskool binne enkele jare na die invoering van gelyke taalregte behoort 'n vingerwysing te wees vir almal wat daaraan dink om hierdie skole af te skaf. Die publieke opinie was in die verlede ten gunste van die enkelmediumskool, en te oordeel na die uitlatings in die openbare pers het daar vandag nog geen wesentlike verandering hierin gekom nie.

Die invoering van gedifferensieerde leerplanne vir dorp- en plaasskole was 'n verstandige stap. Voorheen moes plaaskinders hulle tyd aan allerlei leerstof wy wat vir hulle van geen nut was nie, en waarvoor hulle geen belangstelling gehad het nie. As daar waarheid in die beginsel van die oordrag van oefening was, kon miskien aangevoer word dat dit tot hulle algemene verstandelike ontwikkeling kon bygedra het om sulke stof te leer, maar selfs daardie argument hou nie steek nie.

Nadat die leerplanne in 1913 so gewysig en vereenvoudig is, moes die eksaminatore in 1915 nog kla i.v.m. die st. VI-eksamen oor die oplossing van 'n vraag soos: Bereken die vierkant van (a-b+c) en trek die antwoord af van $a^2+b^2+c^2+ab+ac+bc$. Dit toon m.i. dat die vereenvoudiging hoegenaamd nie ver genoeg gegaan het nie.

Die vermindering van die aantal eksamens in die laerskool toon duidelik dat die belangrikheid wat aan eksamens geheg is, verminder het, en dit was in ooreenstemming met wat in ander lande gebeur het, hoewel heelwat later as in Amerika waar die entoesiasme vir eksamens reeds voor die einde van die negentiende eeu begin verdwyn het.[1] Ook in hierdie opsig was die verandering nog nie ingrypend genoeg nie, want die st. VI-eksamen wat in swang gebly het, was nog geheel-en-al 'n eksterne eksamen, waarby die onderwysers geen seggenskap gehad het nie. Dat daar verandering van insigte aan die opkom was, is bewys deur die instelling van die Matrikulasieraad, waar die onderwysers wel 'n mate van seggenskap, hoe gering ookal, verkry het. Geleidelik het hierdie beskouings veld gewen, totdat ook die st. VI-eksamen eers op so 'n wyse afgeneem is dat die onderwysers medeseggenskap gehad het, en uiteindelik heeltemal verdwyn het.

Die opvatting van die funksie van die inspekteur het geleidelike verandering ondergaan; nogtans is die beskouing wat Sargant reeds in 1903 gehuldig het, en wat Warre Cornish in 1905 opnuut beklemtoon het, nog nie eens in 1918 deur inspekteurs bereik nie. Reeds in 1903 het Sargant beweer[2] dat in Engeland,

> „it became clear to me that the <u>mechanical</u> nature of the teaching in most elementary schools in the "eighties" was directly traceable to undue interference of the Inspectorate in the details of school work, and particularly to the system which removed out of the hands of the head teachers the individual examination of scholars."

En die inspekteurs het juis oor die werktuiglike aard van die werk wat in die skole gedoen is, gekla, en dit byna 40 jaar

1) Kandel: Exams. and their Substitutes in the U.S., bl. 28.
2) Kyk bl. 45 supra.

na die tagtigerjare waarvan Sargant melding gemaak het. Die onrustigheid wat daar in inspekteurskringe tot openbaring gekom het teen die einde van die tydperk, hoewel baie jare vertraag, het tog die vooruitsig ingehou dat daar binne afsienbare tyd verbetering sou kom.

Wat die oorgang van die laer- na die middelbare skool betref, het Adamson die saak m.i. reg gesien toe hy volgehou het dat oorplasing na die voltooiing van st. V moes plaasvind, d.w.s. ongeveer op 13-jarige leeftyd, want nie net behoort dan met middelbare vakke begin te word om 'n volledige middelbare kursus te verskaf nie, maar na daardie ouderdom tree die puberteitsverskynsels asook die awontuurlus sterk op die voorgrond, en dit is opvoedkundig meer gewens dat die skeidslyn juis daar getrek word.

In Engeland vind die oorplasing reeds op ongeveer 11-jarige leeftyd plaas,[1] maar daar dit weer 'n vermenging van onrype met rypere kinders teweegbring, is dit net so ongewens as om later as op 13 jaar oor te plaas.

Die verhoging van middelbare afdelings tot selfstandige hoërskole was 'n baie gesonde beleid omdat die praktyk oorvloedig bewyse gelewer het dat so 'n middelbare kopstuk aan 'n laerskool nadelig was vir albei. Óf die hoof self het te veel tyd aan die hoër afdeling bestee en toesig oor die laer afdeling het daaronder gely, óf die beste leerkragte is vir die hoër afdeling gebruik, óf die aantal leerlinge in die hoogste vorms was so klein dat die werk op weinig minder as verspilling van kragte uitgeloop het. Sentralisasie van die hoër vorms sou die lg. beswaar uit die weg geruim het, maar sou met groot ongerief en onkoste gepaard gegaan het. Tog sou dit die regte beleid gewees het, tot tyd en wyl genoeg leerlinge hulle aangemeld het vir die stigting van 'n behoorlike klas.

Die beleid wat na die dood van Jones in 1911 gevolg is om alle naturelle-onderwys in die hande van distriksinspekteurs te laat, was ongesond omdat, soos Adamson later ingesien

1) Hartog, P. en Rhodes, E.C.: An Examination of Examinations, bl. 12.

het, spesiale kwalifikasies en insigte nodig was vir die inspeksie van 'n ras wat so hemelsbreed van blankes verskil het t.o.v. taal en kultuur en gewoontes. Kort na 1918 het hierin dan ook verandering gekom, soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word.